Matieland

3:75

GOUE GELEENTHEDE

Daar's plek vir u in Volkskas se wêreld. 'n Wêreld van professionele kundigheid, sekuriteit, vertroue en diens. 'n Wêreld waar u universiteitsopleiding 'n waardevolle bate is om u werktevredenheid te waarborg en 'n sinvolle loopbaan te help bou in die bankwese.

In die moderne geldwese staan Volkskas bankvas op die voorpunt van vooruitgang. As bank. As werkgewer. Dis waar duisende jong Suid-Afrikaners saam bou aan 'n lonende loopbaan en 'n lewenskragtige landsekonomie.

Dis 'n wêreld van aksie. Van vinnige besluite. Van felle mededinging. En voortdurende verandering. Verandering wat vordering bring en nuwe werkgeleenthede skep.

Indien u universiteitsopleiding voltooiing nader en u loopbaan binnekort moet koersvat, bied Volkskas u 'n lonende uitdaging. Kom gesels geleenthede met u Volkskas-bestuurder.

ARBEIDSAAMHEID

MAAK VOLKSKAS 'N BATE VIR U.

(Geregistreerde Handelsbank)

Adverk or 5883/A

NOMMER DRIE
JAARGANG NEGENTIEN
DESEMBER 1975

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN RONNIE BELCHER

In hierdie uitgawe:

Kursus in Museumkunde ingestel **bladsy vier**

Anton Rupert oor die bewaring van ons erfenis **bladsy ses**

Die Magdalena de Wet kom na Stellenbosch **bladsy sewe**

Ons erfenis aanskoulik bewaar **bladsy agt**

Universiteit kry waardevolle N. P. van Wyk Louw-manuskripte **bladsy nege**

Izak van Biljon se versameling outydse grammofone **bladsy elf**

Nuwe Konservatorium vir Musiek **bladsy twaalf**

Handel en Administrasie – nuwe toringgebou **bladsy vyftien**

Langenhoven-studentesentrum in gebruik geneem **bladsy agtien**

Stellenbosch kry vier nuwe navorsingsinstitute **bladsy twintig**

Openbare voorlesings wek belangstelling **bladsy een-en-twintig**

Stellenbosch lewer atlete van wêreldformaat **bladsy twee-en-twintig**

Dosente tree af ná jarelange diens **bladsy ses-en-twintig**

Monica en Heemstede gaan reünie hou **bladsy sewe-en-twintig**

Voedselkongres op Stellenbosch **bladsy agt-en-twintig**

Militêre Akademie 25 jaar oud **bladsy dertig**

Vryheid van Stellenbosch aan 1 Opsporingsregiment **bladsy twee-en-dertig**

Huishoudkundiges het feesgevier **bladsy drie-en-dertig**

Dr Con – geliefde eik **bladsy vier-en-dertig**

Oud-Macdonaldhuisers hou reünie **bladsy ses-en-dertig**

Oud-Matie-tagtigerklub **bladsy agt-en-dertig**

Nuwe aanstellings by U.S. **bladsy veertig**

Saamtrekke **bladsy twee-en-veertig**

Nuwe Universiteitslied – Oud-Maties gaan meedoen **bladsy drie-en-veertig**

In Memoriam **bladsy vier-en-veertig**

Van ons donateurs **bladsy vyf-en-veertig**

Matielandfonds groei pragtig **bladsy sewe-en-veertig**

Notule van Konvokasievergadering 1974 **bladsy agt-en-veertig**

Langenhoven-studentesentrum in gebruik geneem – bladsy agtien

VOORBLAD:
'n Nagraadse diplomakursus in museumkunde word met ingang 1976 aan die Universiteit ingestel. Die kursus sal toegespits wees op ons eie kultuurgoedere, en sal deur die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde in samewerking met deskundiges van buite aangebied word.
Die foto is van een van die vertrekke in die Stellenbosch-Museum.

AGTERBLAD:
'n V.O.C.-bord uit die Rembrandt-versameling in die Burgerhuis-Museum op Stellenbosch.
Foto's: Johan Stander.

Gedruk deur
Trio-Rand Drukkers

Vir die man
wat die beste
kan bekostig
Oude Meester
Liqueur Brandy
PRODUK VAN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA
A24
Die brandewyn van
hoogste reinheid.
BERGKELDER
STELLENBOSCH

OUD 273 A

REDAKSIONEEL

Met die ingebruikneming van die Langenhoven-studentesentrum in September vanjaar is die einde van 'n lang pad bereik – 'n pad waarop die eerste spore so ver terug as 1920 getrap is.

Toe die deure van die sentrum vir die eerste keer oopgestel is, is 'n ideaal bereik van duisende studente en oud-studente oor die lengte en breedte van die land. Vir dié Oud-Maties was die sentrum 'n gemis, maar baie van hulle het saam met ander mense hard gewerk en hulle deel bygedra om die gebou 'n werklikheid te maak.

Verskeie goedgesinde instansies het geld ingesamel vir die oprigting van die sentrum, en hier moet ongetwyfeld die naam van die Vroueverenigingvan die Universiteit genoem word. Dié vroue se bydrae was meer as R50 000, en uit erkentlikheid is een van die ruim sale in die sentrum dan ook na die Vroueverenigingvernoem.

Geldinsameling vir die bou van die sentrum het 55 jaar gelede begin. Die voorneme was om 'n saal op te rig wat die Voortrekkersaal sou heet, maar dit het nooit werklikheid geword nie en ná die dood van senator C. J. Langenhoven is die geld wat ingesamel is, gestort in die Langenhoven-gedenksaalfonds. Geldinsameling het op verskillende maniere geskied – so is die bekende Jan Pierewiet-geselskap in 1938 gestig om onder meer geld vir die gedenksaal in te samel. Teen Augustus 1939 het hulle reeds R1 600 bymekaar gehad.

Oom Pietie le Roux en sy Boereorkes het in die bestek van tien jaar die land vol getoer, voor nagenoeg 'n kwartmiljoen mense opgetree en bykans R60 000 ingesamel, 'n groot deel waarvan in die gedenksaalfonds gestort is.

Die Universiteit se eerste Jool in 1953 het R16 000 opgelewer, en hiervan is R9 400 aan die fonds geskenk.

Die eerste aankondiging dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees voor die studentesentrum 'n werklikheid word, is gedoen op 16 Augustus 1967 deur die vorige Rektor, prof. H. B. Thom. Twee jaar daarná, in Mei 1969, het die studente op 'n monstervergadering eenparig besluit om die Universiteitsowerheid te versoek om voorkeur aan die bou van 'n studentesentrum bo alle beoogde bouprojekte te gee. Weens die steeds groeiende studentebevolking kon dié stap nie langer uitgestel word nie, en die Universiteit het besluit om 'n kompetisie uit te skryf vir die ontwerp van die gebou.

In April van die volgende jaar is op 'n nuuskonferensie bekend gemaak dat die ontwerp van die beoogde sentrum wat deur 'n Pretoriase firma voorgelê is, aanvaar is, en dat bouwerk so spoedig moontlik sou begin.

Die fondamente van die sentrum is in 1973 gegooi nadat die huidige Rektor, prof. J. N. de Villiers, besondere pogings aangewend het om die ontbrekende kapitaal vir die gebou te vind.

En dan is daar ook nog die donateurs van die Universiteit wat genoem moet word, diegene wat deur die jare getrou bygedra het en sonder wie se ondersteuning die Universiteit lank nie meer sou kon funksioneer nie.

Aan al die vriende van die Universiteit bring ons hulde.

FOKUS

En hier bring ons hulde aan ons Kanselier, 'n Oud-Matie wat binne die bestek van net 'n paar maande getoon het dat hy die rigting van die geskiedenis van Afrika dramaties gaan verander.

Die Raad van Trustees van die Hendrik Verwoerd-trust het onlangs besluit om die Hendrik Verwoerd-toekenning aan dr B. J. Vorster, Suid-Afrika se premier en Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, te doen.

Dit geskied uit erkenning vir die werk wat hy deur baie jare ter beveiliging van die rus en orde in Suid-Afrika gedoen het en wat in die jongste tyd gekulmineer het in sy doelgerigte ontspanningsbeleid en weloorwoë pogings om begrip van Suid-Afrika te verkry.

Die Raad van Trustees is van oordeel dat die optrede van dr Vorster van die allergrootste belang is vir almal wat in Suid-Afrika woon. Dit voldoen dus op uitnemende wyse aan die vereiste wat in die trustakte van die trustees vir die Hendrik Verwoerd-toekenning gestel word, naamlik dat die toekenning sal dien ter erkenning van werk wat van ware nasionale betekenis is.

Dr Vorster het van 1934 tot 1938 op Stellenbosch gestudeer en die grade B.A. en LL.B. verwerf. Hy was onder meer lid van die Studenteraad en onderprimarius van Dagbreek.

Agt-en-twintig jaar nadat hy op Stellenbosch in die regte afstudeer het, op 13 September 1966, is dr Vorster verkies tot Eerste Minister van Suid-Afrika. Sedert Oktober verlede jaar is die oë van die ganse wêreld op die Kanselier van ons Universiteit gerig in sy pogings om die beleid van détente op die vasteland van Afrika tot sy logiese konsekwensie deur te voer, en tot dusver dui dié pogings op dramatiese sukses.

KURSUS IN MUSEUMKUNDE INGESTEL



Prof. Bun Booyens

Mnr Marius le Roux, kurator van die Stellenbosch-Museum, verduidelik 'n besonderheid van die houtsnywerk aan 'n Kaapse Lodewyk XV-stoel van stinkhout aan 'n klompie studente.



'n Huisorreltjie uit die laat 19de eeu wat gerestoureer is deur die derdejaarstudente van die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde.

'n Nagraadse eenjarige professionele kursus in museumkunde gaan met ingang 1976 aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel word. Daarmee word Stellenbosch die eerste Suid-Afrikaanse universiteit wat 'n omvattende kursus in museumkunde aanbied.

Die kursus word ingestel met die oog op die landwye tekort aan behoorlik opgeleide museumkundiges.

Daar het in die jongste tyd oor die hele land 'n verblydende oplewing in bewaringsbewustheid plaasgevind. Onder die talryke inrigtings en instansies wat die bewaring van ons erfenis as taak raakgesien en onderneem het, neem museums, of hul nou kultuurhistories, natuurhistories, tegnologies of kunsgerig is, 'n prominente plek in. Daar is tewens ook 'n wydverspreide vernuwing van belangstelling in die totstandkoming, uitbouing en reorganisasie van museums in ons land waarneembaar.

As ons die berigte en weerklanke wat van alle kante verneem word, reg vertolk, wil dit soms voorkom of elke dorp of gemeenskap in ons wye land die stigting van 'n museum oorweeg of stilweg vertroetel. Of dit verstandig en finansieel verantwoordbaar is om oral museums soos paddastoele te laat opskiet, is 'n vraag wat nie hier ter sake is nie. Feit is dat ons hier te make het met 'n kultuurbeweging waarby, indien dit langs die regte bane gelei word, die geestesgroei van ons ganse volksgemeenskap vorentoe onuitspreeklik veel sal baat. Daarom is dit van soveel belang dat die leiers en rigters van hierdie ontwikkeling vakkundig en professioneel na behore toegerus sal wees.

Ons museums het in die verlede, danksy die toewyding en liefdesarbeid van so baie wat aan hierdie inrigtings verbonde was en is, merkwaardige prestasies en status verwerf. Soos op alle terreine van die nasionale en internasionale lewensvlak is daar egter steeds verandering, aanpassing en uitdagings, en

ons museums sal beslis ook in die toekoms aan steeds strenger maatstawwe getoets word. Lank reeds het die beeld van die museum as 'n oord waar "ou goed" in 'n koue kerkhofatmosfeer bewaar en beskeidelik vertoon word, plek gemaak vir die kontemporêre opvatting dat die museum 'n dinamiese inrigting is wat sy taak onder meer sien in *versameling, bewaring, restourasie, uitstalling, navorsing, publikasie, opvoeding* en *ontspanning*. En namate ons mense meer verstedelik en gevolglik vir die bevrediging van hulle geestesbehoeftes op die stad en grootdorp aangewese sal wees, sal ook ons museums geroepe wees om langs 'n verskeidenheid van weë 'n bydrae te lewer om in al hierdie geesteslewensbehoeftes te voorsien.

Studente wat 'n baccalaureusgraad verwerf het met minstens een van die vakke Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Argeologie, Beeldende Kunste, Biblioteekkunde, Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Volkekunde, Botanie, Geologie, Insektekunde en Soölogie as hoofvak, sal tot die kursus toegelaat word, asook studente wat op skriftelike versoek die Senaat se toestemming daartoe verkry.

Die kursus sal die ganse spektrum van die toeretiese en praktiese museumkunde dek. Benewens die formele voorlesings, demonstrasies en praktika, sal studente ook ses weke lank onder toesig van 'n goedgekeurde museum praktiese ondervinding opdoen.

Die kursus sal aangebied word deur deskundiges van buite, hoofsaaklik museumpersoneel, en uit ander universiteitsdepartemente. Die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde sal egter vir die kursus vader staan en die organisasie daarvan behartig.

Studente wat die diploma in museumkunde verwerf het, sal hulle kan aanbied vir die betrekkings van kuratore en senior assistente in museums op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Benewens hulle algemene opleiding sal hulle ook kan spesialiseer in 'n kultuurhistoriese, natuurhistoriese, tegnologiese of artistieke rigting.

'n Pragtige voorbeeld van 'n hemelbed uit die vroeë 19de eeu, met gehekelde behangsels en deken.

Prof. Bun Booyens, hoof van die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, wys twee van sy studente die mooi patroon in 'n outydse oblietjiepan.



Dr Anton Rupert, die wêreldbekende nyweraar, is onder meer voorsitter van Historiese Huise van S.A. Beperk, 'n maatskappy wat belangrike werk doen t.o.v. die bewaring van ons erfenis.

Anton Rupert oor die bewaring van ons erfenis

Oor net meer as drie eeue het hier in Suid-Afrika 'n nasionale kultuur ontstaan wat ons met trots kan vergelyk met dié in alle ander lande. Gesien teen ons eie getalle – soveel kleiner as één enkele wêreldstad – moet dit beskou word as een van die grootste prestasies in die kultuurgeskiedenis van die mens. Het ons dan nie in die relatiewe korte tydsbestek van net meer as 300 jaar twee oorspronklike en belangrike bydraes tot wêreldkultuur gemaak nie, naamlik ons unieke Kaaps-Hollandse argitektuur en die lewenskragtige, soepele Afrikaanse taal, die jongste en mees moderne taal van die Westerse wêreld, waarvan ons vanjaar juis die eerste eeufees vier.

Die kultuur en geestesgoedere van ons voorgeslagte is 'n erfenis wat nie net *nie* nagelaat mag word nie, maar wat opnuut deur elke geslag verwerf moet word. Sonder hierdie erfenis wat ons aan die verlede anker, bestaan daar geen norm vir die waardebepaling van wat elke geslag voortbring nie; is daar geen rigsnoer om iets groots te verhef bo die absoluut tydelike nie.

Daar kan nie slegs op dié erfenis geteer word nie, want dit moet gevoed word deur eietydse bydraes sodat elke geslag opnuut 'n erfenis kan nalaat. En uit die weefsel van elke geslag se leefwyse groei die tradisies van môre.

Maar waarom moet ons bewaar?

Omdat 'n volk sonder geskiedenis soos 'n man sonder geheue is. Historiese geboue is 'n versinnebeelding van die geskiedenis – die mylpale daarvan;

Omdat die geboue uit die verlede 'n bewys is van die feit dat ons lank reeds hier is en hier hoort;

Omdat ons nie die voetspore van ons voorsate goedsmoeds mag uitvee nie;

Omdat ons deur behoud van die goeie uit die verlede verhoed dat alles orals saai en eenders lyk;

Omdat 'n stad wat organies groei veel meer *van* die mens is as iets wat *vir* hom beplan word;

Omdat ons ou dorpies en stede beplan is voordat die motor ons lewens oorheers het. Daarom verkies ek Graaff-Reinet en Stellenbosch met die gevoel van "saamwees" liewer as die jaagbane van "Reisigers na nêrens". Daarom verkies ek 'n stad soos die ou Kaapstad waarin daar mense gewoon het, bo die "Foreshore" waarin niemand meer woon nie;

Omdat dit ook vandag meestal *sosiologies* sowel as *ekonomies* goedkoper is om te herstel as om net maar te sloop.

Bewaar dus, want *bewaring* beteken die behoud van *eie* identiteit en die vermyding van dodelike eentonigheid.

My bede is dat daar ook van Suid-Afrika gesê kan word dat ons ons tradisies bewaar, in stand hou en selfs uitbou. Mag die geslagte wat kom ons nooit dáárvan beskuldig dat *ons* ons eie voetspore doodgevee het nie.

'n Voorbeeld van deeglik beplande restourasiewerk. Dit is 'n paar van 'n hele reeks huise aan weerskante van Drostdy-hof in Graaff-Reinet wat deur Historiese Huise van S.A. Beperk gerestoureer is.

DIE MAGDALENA DE WET KOM NA STELLENBOSCH

Een van die belangrikste kultuurgebeurtenisse op Stellenbosch vanjaar sal wees die in ontvangs neem van die Magdalena de Wet-ossewa. Dit is een van die stinkhout-ossewaens wat in 1938 aan die simboliese ossewatrek ter herdenking van die Groot Trek deelgeneem het.

Die Magdalena de Wet sal in 'n prominente plek in die nuwe Langenhoven-studentesentrum staan, en sal een van die groot attraksies van die sentrum wees.

Die A.T.K.V. (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) het reeds jare gelede die wa op bruikleen aan die Universiteit gegee, maar omdat daar op Stellenbosch nie 'n geskikte plek was waar die wa kon staan nie, is die wa nie in ontvangs geneem nie.

Met die oopstelling van die Langenhoven-studentesentrum (wat, terloops, aanvanklik die Voortrekkersaal sou heet), kan die Magdalena de Wet nou uiteindelik tot rus kom. Die wa bly egter die eiendom van die A.T.K.V.

Die aankoms van die wa op Stellenbosch sal ook van akademiese belang wees. Deur bemiddeling van die A.T.K.V. kon die Universiteit in die sestigerjare 'n departement van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde instel, waar prof. Bun Booyens die A.T.K.V.-leerstoel beklee, en studente in die departement kry nou die geleentheid om eerstehandse kennis van dié belangrike item uit ons volksverlede op te doen.

Saam met die Piet Retief-ossewa het die Magdalena de Wet in die A.T.K.V.-museum op Hartenbos gestaan. Dit is op Hartenbos dat die gedagte aan die simboliese 1938-trek ontstaan het. Die Piet Retief-wa bly op Hartenbos agter, waar dit die middelpunt van die Groot Trek-tema in die museum daar sal wees.

Die A.T.K.V. het destyds 'n Magdalena de Wet-studiefonds in die lewe geroep wat aan die bruikleenvoorwaardes van die ossewa gekoppel is. Studente vir die beurse word deur die vereniging self aanbeveel.

Die Magdalena de Wet is een van drie stinkhout-ossewaens wat deur die Van Reenen-broers van Knysna vir die simboliese trek vervaardig is. Die trek het met hierdie drie waens begin, maar ander waens het ook bygekom. Sommige van dié waens was egte Groot Trek-waens wat bewaar gebly het. Stellenbosch sou oorspronklik een van hulle, die Johanna van der Merwe gekry het, maar die A.T.K.V. het in 1943 besluit dat die Universiteit een van die Knysna-waens moet kry.

Behalwe vir die wa-briek, wat aan 20ste eeuse veiligheidsvereistes moes voldoen (die simboliese trek het op die gebaande paaie plaasgevind), is die Magdalena de Wet in die fynste besonderhede 'n getroue weergawe van die kakebeenwaens van die Voortrekkers.



Die Magdalena de Wet-ossewa, afgeneem in die museum op Hartenbos.

ONS ERFENIS AANSKOULIK BEWAAR

Een van die hoogtepunte van die jaar op Stellenbosch is die herdenking van die verjaardag van Simon van der Stel, die stigter van ons dorp. Die viering vind elke Oktober plaas op die Saterdag naaste aan die goewerneur se verjaardag. Op die onderste foto bewonder die goewerneur (mnr Andries Esterhuyse van die Universiteit se departement Ontwikkeling) die pragtige Palominoperd wat so pas aan hom geskenk is deur die burgher langs hom (maj. S. W. Daneel). Die burgher op die wa is prof. Frans van der Merwe van die departement Veeteelt. Op die foto heel onder staan oom Pietie le Roux, veteraan-kultuurman, tussen twee elegante dames van dié tyd.

UNIVERSITEIT KRY WAARDEVOLLE N. P. VAN WYK LOUW-MANUSKRIPTE

Waardevolle dokumente van die digter N. P. van Wyk Louw is in ewigdurende bruikleen aan die Universiteit gegee. Die dokumente, waaronder ook die manuskripte van sy literêre werk, word vir veilige bewaring in die Carnegie-biblioteek op Stellenbosch gehou, waar studente toegang het tot fotostatiese afskrifte daarvan.

Op die foto regs, wat geneem is by die ondertekening van die bruikleenakte, verskyn v.l.n.r. sittende, prof. W. E. G. Louw van die departement Afrikaans-Nederlands – hy is 'n broer van N. P. van Wyk Louw – die Rektor, prof. J. N. de Villiers, en mnr P. B. Swart van Trust Bank, en agter, v.l.n.r. mnre F. du Plessis, hoofbibliotekaris van die Universiteit en Matie Geldenhuys, plaaslike bestuurder van Trust Bank. Op die onderste foto is 'n deel van Van Wyk Louw se Raka-manuskrip.



II

Die jong Koki loop na die seekoegat. Sien dat die kinders klei beelde v Raka maak.

Beskryf v Koki soos hy loop & hoe hy jd keil swem

skoonheid vd menslike liggaam

Hy waarsku die vergadering: wat ken Raka die geheimenis vuur en vd wette en vd kuns? Wat ons vadere vergader

WHAT WILL YOU DO

IN THE

LONG, COLD, DARK, SHIVERY EVENINGS,

WHEN YOUR HEALTH AND CONVENIENCE COMPEL YOU TO STAY

INDOORS ?

WHY!!! HAVE A PHONOGRAPH, OF COURSE.

It is the FINEST ENTERTAINER in the WORLD.

There is nothing equal to it in the whole Realm of Art.

It imitates any and every Musical Instrument, any and every natural sound, faithfully:

the HUMAN VOICE, the NOISE OF THE CATARACT, the BOOM OF THE GUN, the VOICES OF BIRDS OR ANIMALS.

From

£2 2s.

THE GREATEST MIMIC.

A Valuable Teacher of Acoustics. Most Interesting to Old or Young A Pleasure and Charm to the Suffering, bringing to them the Brightness and Amusements of the outside World by its faithful reproductions of Operas, New Songs, Speeches, &c.

EVERY HOME WILL sooner or later have its **PHONOGRAPH** as a **NECESSITY.**

HAVE YOURS NOW; you will enjoy it longer.

famous French actor, writes:

TRANSLATION OF THE LETTER

"Your wonderful Gramophone has at last given me what I have so much desired; the surprise and (shall I confess it?) the pleasure of hearing myself! I have heard the recitation 'Des Limacons, which I recite in the rôle of M. de la Motte, in the 'Mercure Galant' of Boursault, and my word . . . . I did what I have seen the public do for a long time, I laughed. Thank you for having made me amuse myself—that does not often happen to me—and I congratulate you on your Gramophone, which must render great services to everybody.

GENTLEMEN,—

"I have much pleasure in stating that I have heard your Monarch Gramophone, and that I consider it a very remarkable instrument of its kind, and quite the most perfect that I have ever heard. It reproduces the human voice to such a fine point, that in listening to the records of Caruso, Plançon, &c., it seemed to me as if those artists were actually singing in my saloons. I have never heard anything to equal it.

IZAK VAN BILJON SE VERSAMELING OUTYDSE GRAMMOFONE

Dit is nie aldag dat 'n kampioen-gholfspeler sy sport sal laat vaar vir 'n stokperdjie wat niks met die spel te make het nie. So iemand is Izak van Biljon, Oud-Matie en professor in Bedryfsielkunde aan die Universiteit. Toe die grammofoon-gogga eers byt, was dit tot siens aan die gholfstokke.

Izak is die voormalige gholfkampioen van Stellenbosch. Sy versameling outydse grammofone bestaan reeds uit oor die veertig stukke, baie waarvan uit die vorige eeu dateer.

Die grammofone speel nog almal – die wat nie speel nie, maak hy self reg. Hy besit ook 'n groot versameling ou plate en naalde uit die beginjare van die grammofoon, asook foto's en advertensies uit dié tyd. Op die oorkantse bladsy is een so 'n advertensie afgedruk.

Izak ontsien geen moeite om stukke bymekaar te kry nie. Hy loop haal hulle uit alle dele van die wêreld. Een van sy waardevolste ou grammofone het hy selfs onder die mis in 'n beeskraal uitgegrawe! (Wie sê, dalk lê daar iewers op 'n Oud-Matie se solder 'n ou grammofoon wie se stem lank reeds stil is en net wag om deur Izak van Biljon se meestershand in ere herstel te word!)



'n Pathé-fonogram met aluminiumtuit wat in Frankryk gemaak is as teenvoeter vir die Edison-masjiene, circa 1894.

Prof. Izak van Biljon by 'n deel van sy versameling. In die voorgrond, regs op die foto, is 'n Engelse "Morning Glory" uit die twintigerjare.

'n Switserse model, circa 1920, met 'n pragtige kopertuit. Dit is die waardevolste stuk in die versameling.



'n Edison Fireside, omstreeks 1894 vervaardig. Dit was nog voordat die grammofoonplaat uitgevind is. Die klank is op 'n buis vasgelê, en die hele tuit, met die naald onderaan, het van links na regs al met die draaiende silinder langs beweeg. Op die foto kan die silinderhouers gesien word.


NUWE KONSERVAT


ORIUM VIR MUSIEK

Stellenbosch gaan 'n pragtige nuwe Konservatorium vir Musiek kry. Die kontrak vir die bou daarvan teen 'n koste van bykans R4-miljoen is onlangs onderteken, en bouwerk het reeds begin.

Die huidige Konservatoriumgebou het te klein geword weens die toename in die getal studente en nuwe kursusse in die departement Musiek.

Ná 70 jaar diens aan die musiek en musieklewe in Suid-Afrika, het die huidige Konservatorium tot so 'n mate uit sy nate gebars dat daar naas die hoofgebou nog vier annekse in gebruik geneem moes word.

Die nuwe Konservatorium wat in Victoriastraat opgerig word op die perseel waar die departement Beeldende Kunste tot onlangs gehuisves was in die gebou van die ou Denneoord-Opleidingskollege, sal een van die doeltreffendstes en modernstes in sy soort in die land wees.

Dit sal bestaan uit vier komplekse wat sinvol met mekaar verbind is, te wete die sentrale deel wat die administratiewe kantore en groter lokale soos die oefensaal, hooflesingsaal, lesingkamers, groot studio's vir praktiese musiekbeoefening en bykomende geriewe bevat, die studioblok wat die opleidingslokale vir individuele onderrig in praktiese onderwerpe bevat en waarby aangesluit is 'n drieverdiepingvleuel met oefenkamers, die biblioteek en diskoteek, en vierdens die konsertsaal met 561 sitplekke en 'n driemanuaalorrel en alle bykomende geriewe. Die saal sal verbind wees aan 'n binnehof met terrasse wat vir opeluguitvoerings gebruik kan word.

Die gebou sal geriewe bied vir uiteenlopende aspekte van musiekopleiding en -beoefening. Benewens die lokale wat vir normale praktiese en teoretiese opleiding benodig word, sal daar omvattende geriewe wees vir ensemblewerk, navorsing, klankopname, eksperimentering en 'n verskeidenheid vorme van musiekuitvoering.

Die belangrikste lokaal vir daaglikse musiekbeoefening sal die oefensaal wees. Met sy rapsie meer as 200 sitplekke sal dit gebruik kan word as konsertsaal, repetisielokaal vir groter ensembles en orkeste en ook vir kore.

Nog lokale wat vir praktiese musiekbeoefening voorsiening sal maak, is 'n groot kamermusiekstudio en 'n groot kerkmusiekstudio wat van 'n tweemanuaalorrel voorsien sal word.

'n Goed toegeruste kontrolekamer sal so geplaas wees dat opnames uit 'n spesiale opname-ateljee of uit die oefensaal gemaak sal kan word. 'n Studio vir elektroniese musiek sal ook deel van die kompleks wees.

Die hooflesingsaal sal sitplek vir ongeveer 200 mense hê en met uitstekende oudiovisuele toerusting voorsien word.

In 'n groot gedeelte van die gebou, insluitende die konsertsaal, oefensaal en lesingsale sal voorsiening gemaak word vir televisie. Daar sal ook 'n klanklaboratorium wees.

Die konsertsaal met 561 sitplekke sal 'n stygende vloer hê en sal akoesties geskik wees vir solo- en kamermusiekuitvoerings. Die verhoog sal groot genoeg wees vir 'n orkes van gemiddelde grootte en 'n koor, sodat oratoriumuitvoerings in die saal sal kan plaasvind. Die voorportaal van die saal sal aanskakel by die ruim ingangsportaal, wat op sy beurt toegang tot die terrasse van die binnehof verleen.

Die konsertsaal met 561 sitplekke, die oefensaal en hooflesingsaal elk met 200 sitplekke, en die talle studio's van verskillende groottes, sal die nodige ruimte bied vir 'n groot verskeidenheid aktiwiteite. Die gebou is beplan vir 260 musiekstudente.

Op bladsye 12 en 13 is 'n voorstelling van hoe die nuwe Konservatorium in Victoriastraat sal lyk wanneer dit voltooi is. Onder is 'n foto van 'n model van die gebou.



HANDEL EN ADMINISTRASIE— NUWE TORINGGEBOU

'n Gebou van sewe verdiepings gaan in Stellenbosch opgerig word vir die Universiteit se fakulteit van Handel en Administrasie. Dit sal een van die hoogste geboue in die dorp wees.

Dit sal teen 'n geraamde koste van nagenoeg 1½ miljoen rand opgerig word op die perseel van die ou Victoria-Hospitaal op Stellenbosch, wat vroeër vir baie jare die Universiteit se departement Sielkunde gehuisves het. Die perseel lê tussen die Van der Sterr-gebou en die D. F. Malan-gebou, met Bosmanstraat en De Beerstraat aan weerskante.

Die gebou het noodsaaklik geword weens die nypende tekort aan onderrigruimte in die fakulteit van Handel en Administrasie. Dit sal benewens die departemente van die fakulteit, ook huisvesting bied aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek en die Sentrum vir Vervoernavorsing.

Die nuwe gebou sal geografies goed geleë wees ten opsigte van die bestaande geriewe vir Handel en Administrasie. Die klein perseel het die Universiteit genoodsaak om planne te aanvaar vir 'n gebou met sewe verdiepings. Die eerste verdieping sal gedeeltelik uitgegrawe wees. Die klas- en leeskamers sal op die eerste twee verdiepings wees, met kantoor- en ander geriewe in 'n toringblok van vyf verdiepings. Die gebou sal ten volle lugversorg wees, met spesiale maatreëls teen brand.

Bouwerk het reeds begin, en sal na verwagting in April 1977 voltooi wees.

Die foto toon 'n model van die nuwe gebou.



ANDER UITBREIDINGS



Bouwerk aan die Universiteit se nuwe koshuise vorder fluks. Op Stellenbosch word die afrondingswerk aan die tweede fase van die vierledige dameskoshuiskompleks (drie koshuise en 'n gesamentlike eetsaal) gedoen. Dit is die koshuis Nemesia, wat vanjaar voltooi word. (Die koshuis Erica is reeds in gebruik geneem). Die eetsaal, wat 'n moderne kombuis sal hê en na verwagting teen April 1976 voltooi sal wees, sal die Tienie Louw-sentrum heet. Die bou daarvan is moontlik gemaak deur 'n groot skenking deur die bekende ekonoom dr Tienie Louw. Bouwerk aan die vierde fase het ook reeds begin. Dit sal die derde koshuis wees.

In Parowvallei is die nuwe manskoshuis vir geneeskundestudente so te sê voltooi. Wanneer die koshuis in 1976 betrek word, word Huis Francie van Zijl 'n dameskoshuis.

Op die boonste foto kan die bouwerk aan die dameskoshuiskompleks gesien word. Op die foto onder is die nuwe koshuis in Parowvallei.



Prof. H. A. Louw, dekaan van die fakulteit van Landbou.

Wingerdkunde en Wynkunde nou aparte vakke

'n Belangrike mylpaal op die gebied van wingerdkunde en wynkunde is bereik met die aankondiging deur die Universiteit dat dié twee vakrigtings met ingang 1976 as twee afsonderlike hoofvakke aangebied gaan word.

Sedert die ontstaan van die fakulteit van Landbou byna sestig jaar gelede, word 'n kursus in wynbou aan die Universiteit gegee. Dit het wingerdbou en wynbereiding ingesluit.

Volgens prof. Hennie Louw, die dekaan van die fakulteit, is dit veral die toenemende vereistes wat gestel word vir opleiding in die twee rigtings wat die Universiteit laat besluit het om hulle voortaan as twee volwaardige, afsonderlike vakke aan te bied. Hulle sal egter altyd gekombineer word in die verskillende kursuskombinasies. Daardeur sal meer afronding verkry word.

Die onderrig in die twee vakke berus op 'n deeglike wetenskaplike grondslag, maar praktiese opleiding en ervaring word sterk beklemtoon. Dit word verkry deur 'n program van eksperimentele wynbereiding in die goed toegeruste eksperimentele kelder van die departement Wynkunde, en verpligte vakansiewerk op plase. Verder moet alle finalejaarstudente een parsseisoen in 'n wynkelder diens doen ten einde ondervinding van grootskaalse wynbereiding en keldertegnologie op te doen.

Oud-Matienooi is Suid-Afrika se Ideale Vrou

'n Oud-Matienooi het vroeër vanjaar Presidentsvrou (mev. Marga Diederichs) geword – kort daarna het 'n Oud-Matienooi die eerste vrou in Suid-Afrika geword wat 'n beeldradiouitsending behartig het (Rika Sennet) en nou is 'n Oud-Matienooi aangewys as Suid-Afrika se Ideale Vrou.

Sy is mev. H. L. Frielingsdorf van Vereeniging in Transvaal. Sy is uit tien streekwenners gekies in 'n wedstryd wat deur Die Huisgenoot in oorleg met handelaars van Sanlamsentrums oor die hele land gereël is. Sy is in die Sanlamsentrum op Parow op 24 Oktober voor 'n groot skare as Ideale Vrou gekroon deur mev. Marga Diederichs, gade van die Staatspresident.

Mev. Frielingsdorf het as geneesheer aan die Universiteit van Stellenbosch gekwalifiseer. Sy is 'n moeder van drie kinders en is deur haar man, ook 'n dokter, benoem. Hy het haar soos volg beskryf: "Die treffendste eienskap van die vrou wat ek nomineer, is menslikheid, want sy juig met die gelukkige, stort opreg 'n traan met die bedroefde, laat die ingetoë, selfbewuste spontaan saamgesels, en gee die moeë van gees weer lewensmoed. Vir die tweejarige fabriseer sy koddige stories en na die grysaard luister sy. Van 'n eenvoudige lewensmaat maak sy 'n koning."

Die egpaar het saam in die medisyne op Stellenbosch gestudeer en nadat hulle gekwalifiseer het, was hulle twee jaar lank die enigste twee dokters op Petrus Steyn in die Vrystaat. Mev. Frielingsdorf kom oorspronklik van Rustenburg en haar man van Windhoek.

Suid-Afrika se Ideale Vrou is baie lief vir skilder. Sy sê sy bestee elke moontlike tydjie daaraan. Op 'n dag toe sy en haar man nog op Petrus Steyn was, het sy besluit om aan Tretchikoff te skryf. Kort daarna, sommer "so uit die bloute", sê sy, het die wêreldberoemde skilder haar gebel. Die gevolg was dat sy 'n week lank by hom klas geloop het, en om alles te kroon was sy sy eerste leerling in 25 jaar – dis net 'n Matienooi wat soiets kan regkry!

Mev. Frielingsdorf sê dit "was 'n wonderlike ondervinding" om by Tretchikoff 'n week lank te kon klasloop.

Studente van die koshuis Huis Francie van Zyl van die fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit op Parowvallei het mev. Frielingsdorf op middagete getrakteer – hulle het haar by haar hotel in 'n 1940-Chevvie gaan oplaai. In haar studentedae was mev. Frielingsdorf ook tuis in Huis Francie van Zyl.

LANGENHOVEN-ST IN GEBRUIK

Op 15 September vanjaar is 'n ideaal verwesenlik waaraan duisende Maties meer as 'n halfeeu lank gebou het. Die Langenhoven-studentesentrum – vernoem na senator C. J. Langenhoven, een van die bekendste oud-studente van die Universiteit – se deure is vir die studentebevolking van die Eikestad oopgemaak.

Vyf-en-vyftig jaar gelede is daar begin om fondse in te samel vir die bou van 'n studentesentrum en nou het die Maties uiteindelik 'n sentrale saamkomplek. Die sentrum is skaars drie maande gelede vir die studente oopgestel en reeds het dit die sosiale brandpunt van die studentebevolking geword.

Die sentrum is teen 'n koste van bykans R2 miljoen gebou.

Dit bestaan uit 'n reuse kafeteria waar sowat 1 200 mense bedien kan word. Die voorsiening geskied volgens die stelsel van selfbediening.

Benewens die kafeteria, is daar 'n danssaal waar tot 350 paartjies met die grootste gemak kan beweeg en daar is sitplek vir meer as 600 mense. 'n Kitskombuis en 'n geleentheidskroeg is digby die dansvloer geleë. Dan is daar nog twee banketsale waar tot 600 mense op 'n keer dinees kan bywoon. In die onmiddellike omgewing van dié sale is daar 'n snoekerlokaal met drie tafels en op die volgende vlak van die sentrum is daar kantore vir die Studenteraad, die Privaat-Studenteorganisasie (PSO), studenteverenigings, die Universiteitskoor en vir redaksielede van Die Matie. Daar is ook musiekluisterkamers, 'n donkerkamer vir die Filmvereniging, 'n leeskamer en 'n aantal ontspannings- en gastekamers. Die grootste deel van die gebou is lugversorg.

Die eerste amptelike funksie van die Universiteit het op 22 Oktober in die Sanlamsaal in die sentrum plaasgevind. By die geleentheid is afskeid geneem van proff. Gawie Cillié, C. A. du Toit, Danie Craven, Jac Müller, M. J. C. de Reville en mnr J. N. "Koos" Smit wat na baie jare diens met pensioen aftree. Die funksie is deur sowat 400 gaste bygewoon. Die Sanlamsaal is so vernoem ter erkenning van die ruim geldelike bydrae wat die versekeringsmaatskappy, Sanlam, gemaak het tot die



'n Deel van die Langenhoven-studentesentrum. Die foto is geneem nog voordat die verfwerk voltooi was.

UDENTESENTRUM GENEEM!

oprigting van die sentrum.

'n Ander banketsaal in die sentrum is vernoem na die Vroueverenigingen van die Universiteit. Die vroue van die vereniging het deur die jare hulle onder meer ook vir die bou van die sentrum beywer en nie minder nie as R50 000 tot die oprigtingskoste bygedra.

Die sentrum is die enigste studentesentrum van sy omvang in die land en die toerusting van die modernste ter wêreld. Een deel van die sentrum wat veral deeglike beplanning geverg het, was die kombuisuitleg. Mev. Renate Coetzee, senior dieetkundige van die Universiteit, was jare daarmee gemoeid en moes heelwat navorsing doen. So het sy onder meer besoek aan Amerika gebring en 'n kursus in restaurantbeheer aan die Cornell School of Hotel and Restaurant Administration meegemaak.

Ander studentesentrums oorsee is ook besoek en hulle planne bestudeer en dié kennis is teruggebring na Stellenbosch om vir die Langenhoven-studentesentrum aangewend te word. Elke aspek is ondersoek en daar is baie fyn beplan, met die gevolg dat die groot kombuis vir die voedselbereiding van alle dinees, danse en onthale ingespan kan word en dan kan daar nog daagliks deurlopend warm etes verskaf word in die kafeteria.

'n Smaaklike warm maaltyd bestaande uit 'n vleisgereg, 'n styselgereg en twee groentesoorte word vir 60 sent in die kafeteria voorgesit. Ligter maaltye soos bobotie met rys, of kerrie met rys, word vir tussen 40 en 50 sent bedien. Dwarsdeur die dag word versnaperinge soos worsbroodjies, geroosterde toebroodjies, melk, ens. teen billike pryse verkoop.

Die naam Langenhoven-studentesentrum is natuurlik vir 'n student 'n hele mondvol – ons verneem dat die studente nou die sentrum "Neelsie" gedoop het. Oud-Maties wat weer in dié rigting ry, kan gerus 'n draai by "Neelsie" kom maak – daar is net een so 'n studentesentrum in die land en dit was die moeite werd om 55 jaar daarvoor te wag! ●



Van binne gesien. Die foto is geneem van die balkon wat reg rondom die gesonke dansvloer strek, en toon maar 'n klein gedeelte van die indrukwekkende binnekant van die sentrum.

STELLENBOSCH KRY VIER NUWE NAVORSINGSINSTITUTE

Die stigting van vier Navorsingsinstitute, dié vir Taalonderrig, Kartografie, Struktuuringenieurswese en Entrepreneurskap en Bestuurswese, is onlangs deur die Raad van die Universiteit goedgekeur.

Direkteure is reeds vir drie van die Navorsingsinstitute aangestel. Dr D. H. van der Vyver is aangestel as direkteur van die Instituut vir Taalonderrig, dr I. J. van der Merwe as direkteur van die Instituut vir Kartografie, en prof. R. R. Tusenius, die Nagraadse Bestuurskool se direkteur, as direkteur van die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese.

Die werksaamhede van die Navorsingsinstitute sal nie alleen op die Universiteit gemik wees nie, maar op die hele land en daar sal probeer word om belangstelling in navorsing nog meer aan te wakker en uit te bou.

Die Instituut vir Taalonderrig is die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Dr van der Vyver het gesê dat vir diegene wat te make het met taalonderwys en kommunikasie, en wat vertrou dat die beleid van die ontspanningspolitiek (détente), tot sy logiese konsekwensie deurgevoer word, dit 'n gebeurtenis is waarvan kennis geneem moet word.

Vir Stellenbosch as die oudste Afrikaanse universiteit, is die stigting van die Instituut vir Taalonderrig ook 'n bydrae van besondere aard tot die Taalfeesjaar.

Kontak tussen verskillende volkere deur middel van taal het in Suider-Afrika van lewensbelang geword aangesien doeltreffende mondelinge en skriftelike kommunikasie in die wêreld waarin ons leef, absoluut noodsaaklik is.

Die Instituut sal dus navorsing met betrekking tot die onderrig van tale as deel van sy werksaamhede hê. Aandag sal ook onder meer geskenk word aan hulp met die opleiding van onderwysers, leiding aan nagraadse studente, noue samewerking met onderwysowerhede, opknappingskursusse, simposia en diens en advies in verband met vertaalwerk.

Daar sal vanselfsprekend probeer word om die samewerking te verkry (en te leer) van alle instansies – uit alle bevolkingsgroepe – wat met taalonderrig gemoeid is.

Die Instituut vir Kartografie sal onder meer kartografiese dienste teen 'n vaste tarief aan die Universiteit, sowel as aan private en openbare instansies, lewer. Navorsingsprojekte waarvan die resultate op kartografiese analise berus – soos atlasse – sal ook uitgevoer word. Gevorderde doseerwerk in kartografiese tegnieke en prosedures word van tyd tot tyd onderneem – hier is rekenaarkartering 'n goeie voorbeeld.

Dr van der Merwe het gesê die waarde van die gebruik van 'n kaart het in die moderne tyd en samelewing geweldig toegeneem. Dit geld nie net vir opvoedkundige inrigtings nie, maar ook die openbare en private praktyk, bv. die handel, fabriekswese, uitgewersbedryf, toerisme en plaaslike owerhede, waar faktore soos ligging, markgebiede, bevolking, grondgebruik, waardasie en dies meer op kaarte uitgebeeld word. Sodoende kan meer sinvolle besluite geneem word.

Die oprigting van die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese van die Nagraadse Bestuurskool, is onlangs aangekondig. Dié Instituut se vernaamste doelstellings is die stimulering van 'n gees van entrepreneurskap en die onderneem van studies en opleidingsprogramme wat daarop gemik is om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die uitbou van 'n nasionale klimaat waarin vrye entrepreneurskap en doeltreffende bestuur 'n optimale bydrae tot Suid-Afrika se welvaart kan maak.



Dr D. H. van der Vyver.

Dr I. J. van der Merwe.

Prof. R. R. Tusenius.

OPENBARE VOORLESINGS WEK BELANGSTELLING

Openbare voorlesings wat groot belangstelling gewek het is onlangs op Stellenbosch gelewer deur die Staatspresident, dr Nic Diederichs, dr Anton Rupert en mnr I. D. Unna, die Israelse ambassadeur in Suid-Afrika.

Dr Diederichs het die eerste H. F. Verwoerd-gedenklesing gelewer wat deur SABRA in samewerking met die Universiteit gereël is. Sy lesing het gehandel oor wyle dr Verwoerd as mens en staatsman.

Dr Rupert, wat gepraat het in sy hoedanigheid as ereprofessor in die fakulteit van Handel en Administrasie, het 'n belangwekkende lesing gehou oor die bewaring van ons kulturele erfenis. 'n Verkorte weergawe daarvan verskyn op bladsy ses.

Mnr Unna – dit is hy wat sonder huiwering aangebied het om oor die lot van gyselaars te onderhandel deur die Israeliese konsulaat in Johannesburg binne te stap toe dit vroeër vanjaar deur 'n swaar gewapende man beset is – het gepraat oor Israel by die kruispaaie van oorlog en vrede. 'n Groot getal mense uit die Joodse gemeenskap het die lesing bygewoon.



Bo: Dr Nic Diederichs lewer die H. F. Verwoerd-gedenklesing.

Dr Anton Rupert ontvang 'n knoopsgatruiker van mej. Irene Albertyn van die Universiteit se departement Ontwikkeling net voordat hy sy lesing gelewer het.

Mnr I. D. Unna in gesprek met prof. Frans Smuts van die departement Latyn.

Oud-Maties uit die Joodse gemeenskap en hulle gades wat die lesing deur die Israeliese ambassadeur bygewoon het, afgeneem met die Vise-Rektor, prof. W. L. Mouton, en mev. Mouton. Hulle is v.l.n.r. mnr en mev. Michael Zetler, dr en mev. D. E. Eisenberg, mnr Douglas Ziman, mev. Mouton, mev. Ziman, mnr Louis Perel, prof. Mouton en mev. Perel.

Stellenbosse atlete het reeds diep spore getrap in die atletiekwêreld. Die Universiteit is ongetwyfeld een van die belangrikste atletieksentrums in die Republiek, en met 'n Danie Malan en 'n John van Reenen in die Matiespan – twee manne wat nog onlangs wêreldrekords opgestel het – is dit 'n klub waarmee die res van die wêreld deeglik rekening hou.

Die klub is nie alleen die sterkste in die Westelike Provinsie nie, maar het ook baanbrekerswerk verrig wat betref die aanbied van byeenkomste. So word die uiters suksesvolle uur-byeenkomste, wat hier ontstaan en beslag gekry het, deur ander klubs reeds landswyd nagevolg.

Die marathonwedloop wat elke September in Stellenbosch se dorpsgebied plaasvind, is nog 'n atletiekgeleentheid wat die verbeelding vir toekomstige uitbreiding aangryp.

Die bloeityd van die afgelope klompie jare is die hoogtepunt van 'n groei wat reeds by die ontstaan van die klub begin het. Atletiek het verlede jaar sy eie hoofkwartier op Stellenbosch gekry met die ingebruikneming van die rekortanbaan op Coetzenburg (die A-veld is nou te klein vir rugby – 'n ander rugbyhoofkwartier op Coetzenburg word beplan), en ons kan verwag dat die klub nog steeds gróter hoogtes as in die verlede gaan bereik. 'n Mens kan byna sê dat atletiek die afgelope klompie jare net soveel aftrek op Coetzenburg as rugby begin geniet – en dit sê baie!

Die bloeitydperk van atletiek op Stellenbosch die afgelope tien, elf jaar kan aan baie dinge toegeskryf word, soos o.m. die instel van koshuisatletiek, die aanstel van 'n heeltydse afrigter, die gereelde aanbied van goed georganiseerde byeenkomste, gereelde atletiektoere (vyf van ons bestes het onlangs weer 'n baie geslaagde toer in Europa onderneem), en, les bes, atlete wat gewillig was om alles in die stryd te werp.

In atletiek is dit die statistieke wat tel. Enkele hoogtepunte die afgelope elf jaar was:

1964/65: De Villiers Lamprecht lê die droommyl af in 3 : 59,7.
1965/66: Maties kom tweede by Dalrymplebyeenkoms, mans én dames.
1966/67: De Villiers Lamprecht loop weer droommyl in 3 : 59,7;
Mnr Ivor Potgieter word aangestel as heeltydse afrigter.
1967/68: Maties verower Dalrymplebeker en Dyasonskild;
Dicky Broberg word eerste Matie-Springbok ná Paul Nel in 1959.
1968/69: Maties verower weer die Dalrymplebeker en Dyasonskild;
Dicky Broberg en Danie Malan lê die 800 meter af in 1 : 46,4 en 1 : 47,7 onderskeidelik. Malan se tyd plaas hom bo-aan die wêreldranglys vir junior atlete.
1969/70: Maties behaal driekuns deur weer die Dalrymplebeker en Dyasonskild te verower;
Die atletiekklub bied sy eerste uurbyeenkoms aan, en een Suid-Afrikaanse rekord en ses W.P.-rekords bly in die slag;
Danie Malan en Emile Rossouw word in die Springbokspan opgeneem wat met mnr Ivor Potgieter as bestuurder deur Wes-Europa toer;
Emile Rossouw word die eerste Suid-Afrikaner wat hoër as 7 voet (2,13 m) spring;
G. T. Ferreira word die vyfde Suid-Afrikaner om in die driesprong verder as 50 voet (15,24 m) te spring met sy poging van 50′ 0¾″ (15,26 m).
1970/71: Maties verower weer Dalrymplebeker, en kom tweede in die Dyasonkompetisie;



Stelle lewer van w forma



enbosch
r atlete
vêreld-
aat

Gesogte trofeë word gewen deur Emile Rossouw (beste atleet by S.A. Junior Kampioenskapsbyeenkoms; beste prestasie by S.A. Senior Kampioenskapsbyeenkoms; beste prestasie by die Internasionale Byeenkoms), Ferdie le Grange (beste prestasie by die S.A. Spele) en Dicky Broberg (beste atletiekprestasie in Afrika vir sy 800 meter in 1:44,7; die Staatspresidentsmedalje vir buitengewone prestasie);

Ses Matie-atlete oortref Suid-Afrikaanse rekords: Emile Rossouw (hoogspring, 7′ 2″ (2,185 m) – ook Afrika-rekord);

Dicky Broberg (800 meter, 1:44,7);

Danie Malan (800 meter, 1:45,1);

Ferdie le Grange (marathon, 2:17:51,4 – ook Afrika-rekord);

Suzette Pretorius (100 meter hekkies, 13,9 – ook Afrika-rekord);

Letitia Malan (Skryfwerp, 169′ 2½″ (51, 58 m));

Dicky Broberg en Danie Malan kom onderskeidelik eerste en tweede op die wêreldranglys vir die 800 meter.

1971/72: Ferdie le Grange lê die marathon af in 2:15:34 – die vinnigste tyd ooit deur 'n Suid-Afrikaner;

24 Junie 1974: **Danie Malan stel nuwe wêreldrekord van 2:16,0 op in die 1 000 meter,** in München in gietende reën; Danie Malan stel nuwe S.A. rekord van 1:45,1 op in die 880 tree.

1973/74: John van Reenen stel Afrika-rekord in skyfwerp op met 'n gooi van 68,04 m (223′ 3″) – slegs 0,36 meter korter as Jay Silvester se wêreldrekord van 68,40 m;

Ferdie le Grange lê die marathon af in 2:12:47 – die vinnigste tyd ooit op die vasteland van Afrika;

Sigrid Walters ewenaar die S.A. rekord in die 800 meter vir dames met 'n tyd van 2:05,0 (elektroniese tyd aangegee as 2:04,99).

Mnr Wium Mostert word aangestel as heeltydse afrigter.

1974/75: **John van Reenen stel wêreldrekord in skyfwerp op met 'n gooi van 68,48 meter** – op Coetzenburg;

Danie Malan stel S.A. rekord in die 1 myl op met 'n tyd van 3:54,6 – 'n wêreldformaatvertoning;

Danie Malan ewenaar die S.A. rekord in die 1 500 meter met 'n tyd van 3:37,2;

Emile Rossouw word die tweede Matie-atleet in die geskiedenis – Kobus Swart was die eerste – om die 110 meter hekkies in minder as 14,0 sekondes af te lê met 'n tyd van 13,9.

Die volgende atlete het die Groen-en-Goud verwerf terwyl hulle nog studente was:

Attie van Heerden (Hekkies), 1920 – Olimpiese Spele

Danie Joubert (Naellope), 1931 – teen besoekende V.S.A.-atlete, 1932 – Olimpiese Spele

Johan Smit (440 tree), 1931 – teen besoekende V.S.A.-atlete

Johan Luckhoff (Spiesgooi, verspring) 1934 – Statebondspele

Johan Schoeman (Naellope), 1935 – teen gekombineerde toerspan van Oxford en Cambridge

Piet K. van der Merwe (Gewigstoot), 1935 – teen gekombineerde toerspan van Oxford en Cambridge

Jacobus Swart (Hekkies), 1955 – teen besoekende Wes-Duitse span, 1958 – Statebondspele

Paul Nel (Verspring), 1959 – teen besoekende Wes-Duitse span

Dicky Broberg (800 meter), 1968 – Springbokspan na Wes-Duitsland

Ferdie le Grange (Marathon), 1971 – Merietekleure

Attie van Heerden

Danie Joubert

Johan Smit

Johan Luckhoff


Johan Schoeman


Piet K. van der Merwe

Jacobus Swart

Paul Nel

Links en bo: Matie-atletiekspringbokke van weleer.

Oorkant: Huidige en resente atletiekspringbokke wat groot roem vir Stellenbosch verwerf het, in aksie. Danie Malan, John van Reenen en Emile Rossouw is tans nog lede van die atletiekklub.

(Laat berig: Ons het so pas verneem dat Springbokkleure ook aan Sigrid Walters en Alta Wessels toegeken is!)

Die volgende atlete het Springbokkleure verwerf toe hulle reeds Oud-Maties was:

J. H. (Snaar) Viljoen (Decathlon, hekkies, hoog- en verspring), 1928 – Olimpiese Spele, 1929 – teen besoekende Achillesklub, 1930 – Statebondspele, 1931 – teen besoekende V.S.A.-atlete, 1934 – Statebondspele, 1935 – teen besoekende toerspan van Oxford en Cambridge

J. W. Loubser (880 tree), 1929 – teen besoekende Achillesklub, 1931 – teen besoekende V.S.A.-span

W. Botha (880 tree), 1934 – Statebondspele, 1936 – Olimpiese Spele

B. D. Blommaert (Paalspring), 1950 – teen besoekende V.S.A.-span

N. J. B. de Wet (Hekkies), 1950 – teen besoekende V.S.A.-span

L. A. van Biljon (440 tree), 1950 – teen besoekende V.S.A.-span, 1952 – Olimpiese Spele

P. Vermeulen (Paalspring), 1950 – teen besoekende V.S.A.-span

E. Kleynhans (880 tree, 1 myl), 1955 – teen besoekende Wes-Duitse span

H. Kruger (Paalspring), 1958 – Statebondspele, 1959 – teen besoekende Wes-Duitse span

De V. Lamprecht (Middelafstande), 1968 – Springbokspan na Wes-Duitsland

F. Poggenpoel (400 meter), 1969 – Merietekleure



Danie Malan.

Emile Rossouw.



Ferdie le Grange

John van Reenen.



Dicky Broberg.



De Villiers Lamprecht.

Afgeneem by die geselligheid ter ere van die dosente wat aftree. Van links na regs staan prof. J. J. Müller, prof. C. A. du Toit, die Vise-Rektor, prof. W. L. Mouton, die Rektor, prof. J. N. de Villiers, mnr J. N. Smit, prof. D. H. Craven en prof. G. G. Cillié.

Dosente tree af ná jarelange diens

Die Universiteit het Woensdagaand 22 Oktober afskeid geneem van ses dosente wat hulle nie net in hulle eie vakgebied aan die Universiteit onderskei het nie, maar ook hulle merk gelaat het op verskillende ander terreine in Suid-Afrika. Daar is min Oud-Maties wat nie vir proff. Gawie Cillié, C. A. du Toit, D. H. "Dok" Craven, Jac Müller, M. J. C. de Reville en mnr J. N. "Koos" Smit ken nie.

Ses groot name – mens wonder eintlik hoe hulle kollegas voortaan die dagtaak gaan verrig sonder hulle teenwoordigheid.

Prof. "Klein" Gawie Cillié, sedert 1939 hoogleraar in die departement Wiskunde, het hom onder meer onderskei as kultuurman en sterrekundige en met sy aftrede sal daar na 67 jaar nie meer 'n professor Gawie Cillié aan die U.S. wees nie. Sy vader, "Ou" dr Gawie, was reeds in 1909 professor in Latyn en van 1918 tot 1947 dekaan van die fakulteit van Opvoedkunde.

Cornelius Albertus du Toit, aan almal bekend as "prof. CA", het in 1947 professor in Soölogie geword en is sedert 1964 lid van die Raad van die Universiteit. Vier studente wat onder hom gestudeer het, is vandag professore in Soölogie en hoof van hulle departemente aan ander universiteite in die Republiek.

Prof. Craven het afgetree as hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde – 'n pos wat hy sedert 1947 beklee het – maar is van aanstaande jaar af die U.S. se heeltydse Direkteur van Sport. Mnr Rugby is nog lank nie koud nie!

Prof. Jac Müller was sedert 1946 verbonde aan die Kweekskool en sy dienste wat hy aan die gemeenskap van die Universiteit gelewer het, sal baie lank onthou word. Hy het 45 jaar in diens van kerk en teologie gestaan.

Prof. M. J. C. de Reville, 'n Belg van geboorte, het 'n blywende invloed op die beoefening van Ekonomie as vakwetenskap in Suid-Afrika uitgeoefen. Sy was sedert 1952 verbonde aan die departement Ekonomie aan die Universiteit.

Mnr J. N. "Koos" Smit was sedert die vroeë dertigerjare verbonde aan die departement Opvoedkundige Sielkunde in die fakulteit van Opvoedkunde en het 'n leidende rol gespeel t.o.v. die stigting van spesiale klasse vir verstandelik gestremde leerlinge.



Pierre Goosen.

Matieland-pakkertjie word S.R.-voorsitter

Noem die naam Pierre Goosen aan enige man wat sy rugby ken, en hy sal vir jou sê daar's 'n kêrel wat baie binnekort die Groen-en-Goud gaan dra. (Baie sal vir jou ook sê hy moes reeds die Springboktrui gedra het). Noem die naam aan 'n student van Stellenbosch en hy sal onmiddellik sê dis die voorsitter van ons Studenteraad.

Maar Pierre is ook 'n gewese Matieland-pakkertjie. Matieland word driekeer per jaar aan sowat 24 000 mense oor die lengte en breedte van die Republiek en na die buiteland gestuur. Vir dié doel moet die blad in 'n koevert geplaas en moet daar 'n naam en adres op geplak word. Dit is 'n taak wat die redaksie van Matieland nie alleen kan hanteer nie, en 'n flink span skoolkinders (baie van hulle is ook lede van die Voortrekkerbeweging) word gevra om hand by te sit.

As jong kannetjie in die laer skool was dit 'n taak wat Pierre ook telkemale by die Universiteit kom verrig het. Vandag is dié gewese Matieland-pakkertjie 'n student in die teologie, voorsitter van die Maties se nuwe Studenteraad en ook 'n man wat vir hom reeds groot naam op die rugbyveld gemaak het, en nóg gaan maak ook.

Die 23-jarige Pierre is die seun van kapt. en mev. Goosen van Stellenbosch. Kaptein Goosen is verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie. Pierre het aan die Paul Roos-Gimnasium gematrikuleer en hom daarna as student aan die Universiteit ingeskryf. Vanjaar was hy 'n B.Th.-student in sy eerste jaar aan die Kweekskool. Hy was ook lid van die vorige Studenteraad.

Monica en Heemstede gaan reünie hou

Een van die oudste en een van die jongste dameskoshuise aan die Universiteit gaan aanstaande jaar reünie hou. Hulle is Monica en Heemstede wat onderskeidelik hulle vyftigste en tiende bestaansjaar op feestelike wyse gaan vier.

Monica gaan die naweek van 14 tot 16 Mei aanstaande jaar die feesvure hoog laat vlam. Die feesreëlingskomitee, met mev. S. Botha, 'n gewese primaria aan die stuur, is reeds goed aan die gang – 'n omvattende program vir die vermelde naweek is gereël, wat onder meer onthale, uitstappies, besigtigingstoere, 'n huisvergadering, rolprentvertonings en dies meer insluit.

Monica is naas Harmonie die oudste dameskoshuis op die kampus. Dit het aanvanklik as Harmonie nommer 2 bekend gestaan nadat dit 49 jaar gelede teen 'n bedrag van nagenoeg £5 000 voltooi is. Dit is op 14 Mei 1926 ingewy en bykans die hele Kabinet, insluitende die destydse eerste minister genl. Barry Hertzog, was teenwoordig. Hulle doel was om nader kennis te maak met die personeel van die Universiteit. Dit was dan ook by die geleentheid dat genl Hertzog sy nou historiese toespraak oor "Ryksverhoudinge en die komende Imperiale Konferensie" gelewer het.

Die geesdrif op Stellenbosch vir die reünie loop reeds geweldig hoog en Matieland doen namens die organiseerders 'n beroep op alle oud-inwoners van Monica om beslis van hulle te laat hoor. Met die oog op die moontlike publikasie daarvan, word oud-Monicaners versoek om interessante staaltjies en foto's in te stuur. Enige aandenkings vir die argief is ook welkom. Adresse en ander inligting kan gestuur word aan die Sekretaresse, Reëlingskomitee vir die Jubileumfees, Monica, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

Wat Heemstede betref, word 'n reunie op die eerste naweek van die eerste vakansie van die Universiteit aanstaande jaar beoog. Dit sal plaasvind van 26 tot 28 Maart en 'n voorlopige program is reeds opgestel. Dit sluit onder meer in 'n huisvergadering, 'n hennedinee, 'n teeparty en 'n "koshuiskerk".

Oud-Matienooiens wat die lief en leed van student wees beleef het as inwoners van Heemstede, kan gerus oorweeg om weer 'n slag 'n draai in die ou Eikestad te gooi. Enigeen wat belangstel, is welkom en sal met ope arms verwelkom word. Al wat gedoen moet word, is om 'n skrywe aan die volgende adres te rig: Die Sekretaresse, Die Reüniekomitee, Dameskoshuis Heemstede, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

VOEDSEL-KONGRES OP STELLENBOSCH

Suid-Afrika se bevolkingsaanwas is die tweede hoogste in Afrika en een van die hoogstes in die wêreld. Insgelyks neem die wêreldbevolking teen 'n onrusbarende en sneller tempo toe – elke dag is daar 200 000 meer monde dwarsoor die wêreld wat gevoed moet word.

Daarby stel klimaats- en topografiese faktore perke aan landboupotensiaal en neem voorspellings van oorbevolking en hongersnood toe. Dié en ander probleme is tydens die Derde Tweejaarlikse Konferensie vir Voedselwetenskap en -tegnologie van 29 September tot 1 Oktober vanjaar onder die vergrootglas geplaas.

Die konferensie, wat geopen is deur die minister van Landbou, mnr Hendrik Schoeman, is deur drie vooraanstaande oorsese geleerdes bygewoon. Hulle is prof. John Hawthorne van die Universiteit van Strathclyde in Skotland en President van die Internasionale Unie van Voedselwetenskap en -tegnologie, en mnre B. Nappen en R. Hawley wat verbonde is aan groot maatskappye in die Verenigde State.



Oud-Maties wat die kongres bygewoon het, is v.l.n.r., voor: Jan de Wit, Jan Hofmeyr; middel: prof. H. Koeppen, Pinky Wehmeyer, Ben Nortjé, Nick Starke, Johan Burger, Herman van der Merwe, Dawie Basson; agter: Martin Wooding, Bill van der Riet, Arno Visser, Hennie Redelinghuys en Malcolm McGregor. Inlas: Gerard van Noort.

Prof. H. Koeppen, hoof van die departement Voedselwetenskap, met sommige van die lede van die Raad van die S.A.V.V. en T. Van links na regs staan dr H. de Meulenaar, mnr D. Lincoln, dr J. M. Kort, dr A. C. Visser, dr P. van Twisk, mnr A. N. Starke, mnr E. R. Newbery, mnr J. P. de Wit, prof. Koeppen en dr J. P. H. Wessels (boonste foto).

KARNAVAL-REËLINGS OP DREEF

Op Stellenbosch word die vere reeds reggeskud vir volgende jaar se Karnaval. Reëlings is reeds druk aan die gang om van die geleentheid 'n skitterende sukses te maak.

Die organiseerders het twee uitdagings aanvaar: om 'n rekordwins te toon en om 'n ongeëwenaarde fees te reël wat iets vir elkeen sal bied. Met die tema: Hoe later hoe kwater, sal die kontras tussen die oue en die nuwe uitgebeeld word.

Die grootste bydrae tot die karnavalwinste sal weer eens die geld wees wat die debutantes insamel en dié wat gemaak word uit Akkerjol-verkope.

Daar is vanjaar 150 debutantes in die veld wat meeding om twaalf gesogte pryse. Dié nôientjies gaan al hulle sjarme en oorredingsvermoë inspan om die rekordbedrag van R21 500 te oortref. Die insamelingsveldtog gaan die vorm aanneem van die verkryging van donasies, die reël van danse en rolprentvertonings en 'n duisend en een ander metodes wat die debutantes gaan prakseer om die een die ander een die loef af te steek.

45 000 Akkerjolle word vanjaar gedruk teenoor verlede jaar se 30 000. Volgens Raiford Johnson, Akkerjol se redakteur, gaan dié nommer alle voriges oortref.

'n Interessante program, wat nog amptelik goedgekeur moet word, is reeds opgestel.

Op Saterdagoggend, 21 Februarie gaan die studente van Stellenbosch opruk en alle Akkerjolle verkoop wat nog oor is. Die middag vind Stellenbosch se mini-Woodstock van vroegmiddag tot sononder plaas.

Ná die Woensdagaand se verskeidenheidskonsert in die Stadsaal, volg 'n konsert van kampustalent op die Jan Maraisplein, tesame met 'n vleisbraai op die plek en 'n "sokkiejol" langsaan in die Langenhoven-studentesentrum. Vrydagaand vind die heel eerste Matie-Tukkie-atletiekintervarsity plaas.

Diegene met 'n meer eksotiese smaak kan in plaas van die atletiek die kroning van mej. Matieland by 'n prestigegeleentheid in Kaapstad bywoon.

En deur dit alles is daar nog die vlotbouery en danse!

Ná die Saterdagoggend se tradisionele vlotoptog, word 'n interessante program aangebied wat moontlik 'n rodeo sal insluit.

Daar sal ook meer danse as voorheen wees. Vir nie-studente (publiek en universiteitspersoneel) sal 'n formele dans in die Van der Stel-sportkompleks gehou word, en benewens die formele studentedans in die Stadsaal sal dri semi-formele danse aangebied word.

Die C.S.V. hou die Saterdagaand 'n vleisbraai op Vergenoeg.

Die program word op Sondag afgesluit met 'n Karnavaldiens in die studentekerk.

Al die geld wat met die Karnaval ingesamel word, sal deur USKOR gebruik word vir die verskaffing van mediese en maatskaplike dienste vir die Kleurlinggemeenskappe van die Bishop Lavislandgoed, Sarepta, Maccassar, Scottsdene en Stellenbosch.

By Bishop Lavis is daar verlede jaa meer as 7 000 pasiënte behandel. Fisioterapeutiese, arbeidsterapeutiese en tandheelkundige dienste word ook aangebied.

Op Stellenbosch word gekonsentreer op die verskaffing van sport- en ontspanningsgeriewe. Sedert die projek drie jaar gelede begin is, het drankmisbruik in die gebied met 93 persen afgeneem!

Met die erkenning van USKOR as 'n volwaardige welsynsorganisasie, he Stellenbosch die eerste Afrikaanse universiteit geword om die verantwoordelikheid van naastediens te aanvaar.

Die organiseerders van Karnaval '7 wil graag hulle innige dank uitspreek teenoor die volgende instansies wat di pryse vir die debutantes geskenk het:

UTA-Lugdiens
Air Cape
Springbok Safari Atlas
Sterns
Thomas Cook Reisagentskap

What think ye, Captain Cook?

Nowadays, the helm is known as the joystick. And the look-out is called radar. A simple matter of jargon — and of progress, Captain.

You helped us turn navigation into a profession, and we're much obliged, forsooth! Today, you would be a jet pilot... provided that you pass the examinations, of course.



They're tough, you know, both for us and for our planes : U.T.A. gives no marks for daring.

We have over 130 passengers aboard, all experience travellers like yourself. We take them far (an averag of 3000 miles per passenger), so we must carry ther with care.

A friendly welcome aboard, elegant hospitality (we'r a French company, after all), a comfortable trip, happy landing. We owe that much to such long-distance passengers. How say ye, Captain Cook?

UTA
FRENCH AIRLINES
EXTRA DISTANCE DEMANDS EXTRA SERVI

MILITÊRE AKADEMIE 25 JAAR OUD

Die Militêre Akademie op Saldanha, die Universiteit van Stellenbosch se fakulteit van Krygskunde, is vanjaar 'n kwarteeu oud. Dit is in 1950 gestig.

Op vanjaar se voorstellingsparade wat op 25 September plaasgevind het, het die minister van Verdediging, mnr P. W. Botha gesê die Akademie het met die hulp van die Universiteit van Stellenbosch gegroei tot 'n volwaardige instelling. Die minister het daarop gewys dat 553 offisiere reeds aan die Militêre Akademie sedert sy stigting 25 jaar gelede, gegradueer het.

Die Militêre Akademie was eers 'n vertakking van die S.A. Militêre Kollege – dié kollege bestaan ook nie meer nie – op Voortrekkerhoogte. In daardie stadium is akademiese opleiding verskaf deur die Universiteit van Pretoria. In 1955 het die Weermag 'n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch aangegaan ingevolge waarvan die Universiteit die vakke vir die eerste jaar van die B.Mil.-graadkursus sou doseer en die Militêre Akademie vir die twee finale jare verantwoordelik sou wees.

In die daaropvolgende jaar het die Militêre Akademie van die Militêre Kollege geskei en na 'n tydelike standplaas op Stellenbosch verskuif. Ondertussen is begin met bouwerk op Saldanha waar onderrig aan tweede- en derdejaarstudente gegee sou word.

In 1958 is die Militêre Akademie na Saldanha oorgeplaas – eerstejaars is egter nog steeds op Stellenbosch opgelei.

Drie jaar later het die Militêre Akademie 'n volwaardige fakulteit van Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch geword en sedertdien word die volle kursus vir die graad B.Mil. op Saldanha aangebied.

In 1970 het die stelsel van opleiding van offisiere vir Suid-Afrika se Weermag 'n belangrike vernuwing ondergaan. Dit sou voortaan in drie dele onderverdeel word naamlik vormings-, akademiese en militêre opleiding. Die Militêre Akademie sou die eersgenoemde twee behartig.

Vormingsopleiding geskied oor 'n tydperk van ses maande waartydens daar in die besonder klem gelê word op die ontwikkeling en afronding van die persoonlikheid van kursusgangers. Daarbenewens doen hulle die militêre vakkennis op wat die drie Weermagsdele gemeen het, en wat reeds by die aanvang van 'n loopbaan as offisier in die Weermag benodig word. Inleidende studie van 'n aantal akademiese vakke wakker kritiese denke aan en dien as prikkeling tot nog selfstudie.

Op vanjaar se indrukwekkende voorstellingsparade is die saluut beantwoord deur minister Botha. Saam met hom op die salueerbasis was die Hoof van die Weermag, admiraal Biermann, genlmaj. Le Grange en brig. Van Loggerenberg, laasgenoemde albei van die Suid-Afrikaanse Lugmag.

Verskeie ander hooggeplaaste offisiere van die Weermag was ook teenwoordig. Onder hulle was die Hoof van die Lugmag, luitenant-generaal Bob Rogers en die Hoof van die Vloot, vise-admiraal Flam Johnson. Sowat 600 ouers en vriende van die studente was ook teenwoordig – baie van hulle wat in ander provinsies en lang afstande van Saldanha woon, is deur die Lugmag spesiaal vir die "groot dag" daarheen gebring.

Mnr Botha het onder meer ook die beleid van détente beklemtoon en gesê die Weermag kan bydra tot vrede en voorspoed in Suid-Afrika deur die gedrag en houding van sy offisiere teenoor ander bevolkingsgroepe. Hy het ook die Universiteit van Stellenbosch bedank vir sy samewerking.

Die eresabel, wat beskou word as die Militêre Akademie se hoogste toekenning, is vanjaar deur minister Botha oorhandig aan adelbors Philip Schoultz van die Vloot. Hy is 'n oud-leerling van die Hoërskool Settlers op Bellville.

Die eresabel is sedert die stigting van die Akademie reeds 21 keer toegeken. Die ontvangers was: I. Lemmer (1953), P. C. Smith (1954), M. B. Anderson (1955), T. H. Smith (1957), W. J. Wolmarans (1958), B. J. Vorster (1959), J. R. F. Irvine (1960), D. S. Hamman (1961), J. G. Coetzee (1962), P. D. Steyn (1963), G. L. Serfontein (1964), N. S. L. Steenkamp (1956), G. J. C. Marais (1966), P. de Villiers (1967), L. A. Visagie (1968), W. J. le Crerar (1969), P. Richardson (1970), T. E. Fonternel (1971), R. J. Strydom (1972), B. A. L. Clegg (1973) en J. P. Nel (1974).

Die Generaal Beyers-Wisseltrofee, die Akademie se toekenning vir die beste Leërstudent, is oorhandig aan kandidaat-offisier G. Liebenberg, en adelbors J. C. Johnson van die Vloot het die wisseltrofee vir die beste Fase II-student (die Fase II-opleiding geskied oor ses maande) ontvang. Adelbors Schoultz het benewens die eresabel, ook die Vloot-wisseltrofee vir die beste prestasie oor 'n tydperk van 30 maande se opleiding asook die Vlootbondwisseltrofee vir die beste praktiese seeman, van mnr Botha in ontvangs geneem.

Die eresabel, die Akademie se hoogste toekenning, word deur die minister van Verdediging, mnr P. W. Botha oorhandig aan adelbors Philip Schoultz van die Vloot.

Kandidaat-offisier G. Liebenberg ontvang die Generaal Beyers-Wisseltrofee vir die beste student van die Leër aan die Akademie.

Die trofee vir die beste Fase II-student aan die Akademie word deur adelbors J. C. Johnson van die Vloot in ontvangs geneem.

Die minister van Verdediging, mnr P. W. Botha, neem die saluut tydens die voorstellingsparade op Saldanha. Regs van hom staan die Hoof van die Weermag, admiraal H. H. Biermann.

VRYHEID VAN STELLENBOSCH AAN 1 OPSPORINGS-REGIMENT

'n Burgermageenheid wat vir die eerste vyf jaar van sy bestaan sy hoofkwartier in die ou Ingenieursgebou van die Universiteit van Stellenbosch gehad het en wie se bevelvoerders almal aan die Universiteit verbonde was, het op 18 Oktober vanjaar die vryheid van Stellenbosch ontvang. Die eenheid is 1 Opsporingsregiment van die Suid-Afrikaanse Artilleriekorps.

Die toekenning van die vryheid van Stellenbosch aan 1 Opsporingsregiment was die hoogtepunt van die oggendverrigtinge op vanjaar se Simon van der Stelfees in die Eikestad.

Met die stigting van die regiment in 1950 het maj C. L. Olën bevel gevoer. Die volgende twee bevelvoerders was maj. J. F. Uys en maj. T. J. Bezuidenhout – dié drie offisiere was almal verbonde aan die fakulteit van Ingenieurswese van die Universiteit en die eenheid se vierde bevelvoerder, maj. J. A. Brink, is nog verbonde aan die departement Chemie.

Kommandant K. von Lieres wat 1 Opsporingsregiment se vyfde gesagvoerder was, het die grade B.A.,LL.B. aan die Universiteit verwerf en was onlangs in die nuus as een van die staatsaanklaers in die Prottersaak in Johannesburg.

Die huidige bevelvoerder is maj. W. L. Kerwan wat in 1968 die graad B. Comm. op Stellenbosch verwerf het. Een van die eenheid se eerste junior offisiere was luitenant P. J. G. de Vos wat later met die rang van kolonel bevelvoerder geword het van die Militêre Akademie op Saldanha. In daardie stadium het die eenheid, wat toe bekend gestaan het as 1 Opsporingsbattery, net drie offisiere en 29 ander range gehad. Met sy nuwe status as volwaardige regiment bestaan dit nou uit drie batterye met 519 offisiere, onder-offisiere en manskappe.

1 Opsporingsregiment is slegs die tweede burgermageenheid aan wie die Stadsraad die vryheid van Stellenbosch toeken. Dit is voorheen aan die Regiment Universiteit Stellenbosch toegeken. Nou kan lede van 1 Opsporingsregiment volgens tradisie met gevelde bajonette deur die strate van Stellenbosch marsjeer – 'n paslike eerbewys vir een van ons Weermag se elite-eenhede.

Die burgemeester van Stellenbosch, prof. Danie Schumann, inspekteer die parade op die Braak by geleentheid van die toekenning van die vryheid van Stellenbosch aan 1 Opsporingsregiment. Die eenheid se bevelvoerder, maj. Kerwan, stap aan die burgemeester se regterkant en is deels sigbaar.

HUISHOUDKUNDE-FEESVIERINGS

Huishoudkundiges uit alle dele van die land het in September vanjaar die halfeeufeesvierings van die departement Huishoudkunde op Stellenbosch bygewoon. Dit het die vorm aangeneem van 'n reünie van oud-studente van die departement, en is geopen deur die Administrateur van Kaapland, dr L. A. P. A. Munnik.

Afgeneem by die opening van die halfeeufees staan v.l.n.r. dr E. Boshoff, dr L. A. P. A. Munnik wat die feesrede gelewer het en prof. M. J. de Vries, dekaan van die fakulteit van Natuurwetenskappe.

Twee van die eerste huishoudkundestudente op Stellenbosch (hulle was van 1926 tot 1929 daar), is mev. Maria de Weerdt van Bellville (links) en mev. Ena Heatlie van Worcester (middel), wat hier lekker staan en gesels oor die ou dae met die vorige hoof van die departement, prof. Mattie Jooste.

Drie oud-studente van die departement wat mekaar by die opening opgesoek het, is dr Alet Meyer van Pretoria, mev. Juliette Oosthuysen van Kaapstad en mev. Liza Malan van Stellenbosch.

Die huidige studente van die departement het hulle deeglik laat geld. Hier is een van hulle besig met haar passies tydens 'n modeparade wat die studente aangebied het as deel van die feesprogram.

Mooi nooiens was daar volop by die feesviering. Die oud-studente op die foto is mevv. Didi Treurnicht van Riebeek-Kasteel, Emma Conradie van Laingsburg, Joyce Otto van Pretoria, Mariks van der Merwe van Bloemfontein en Sally Brumfield van Thornton. En wie sê huishoudkundiges kan net koskook? Joyce Otto was die eerste Suid-Afrikaner wat die berg Kilimanjaro uitgeklim het!

Dr Con— beminde eik



Dr Con – hoe moet 'n mens praat oor dié merkwaardige man, en wáár moet jy begin? Wat moet jy sê en wat moet jy nie sê nie? Nie dat daar dinge is wat nie gesê behóórt te word nie. Dis net dat daar so baie is om te sê. En wat kan 'n mens nog sê oor 'n man wat in Italië nog meer bekend is as die Pous?

Ja, hy't selfs die Pous geken, en op 'n dag toe hy saam met die Pous op die balkon in die Vatikaanstad verskyn sodat dié sy gebruiklike Pouslike Seën op die drukke skare daar onder kon uitspreek, toe vra die Italianers so onder mekaar: "Wie's daardie ou wat daar bo langs dr Con staan?" So lui die storie altans.

Vir Mussolini het hy ook geken. Op dr Con se platerak in sy woonstel by Soete Inval op Stellenbosch staan die foto met daarop geskryf, in Italiaans: "Aan my vriend, Con de Villiers, van Benito Mussolini."

En Benjamino Gigli, dié het hy ook geken. Dis dr Con wat ná 'n opera-uitvoering in Italië waarin Gigli die hoofrol gesing het en die volgepakte operahuis in vervoering gehad het, opgestaan, na agter die skerms geloop en in plaas van gelukwens, vir Gigli gesê het: "Benjamino, jy het heeltyd jou *e* verkeerd uitgespreek. Jy moet dit volgende keer só uitspreek . . ."

En Benjamino Gigli het geluister wat sê die Overbergse boerseun. Van toe af spreek dié groot Italianer sy Italiaanse *e* uit soos ons dr Con gesê het hy moet.

Dr Con het hulle byna almal geken, persoonlik, die grotes van die wêreld: kunstenaars, politici, skrywers, sangers, noem maar op. En vra maar wie is almal familie van hom, dan hoor jy: oud-Staatspresident C. R. Swart, Audrey Blignault, wyle Ken Swart . . .

Maar dit gaan nie oor die mense wat hy geken het en hulle wat familie is van hom nie. Dit gaan oor Dr Con. Hy is tagtig jaar gelede gebore. Dit was op 16 Desember 1894, nege dae ná oud-Staatspresident Swart.

Sy moeder was 'n nooi Swart. Sy geboorteplaas, Dunghye Park in die distrik Caledon, vorm die agtergrond vir een van sy bekende verhaalboeke, Donkiespad.

Prof. Cornelius Gerhardus Stephanus de Villiers het sy universitêre opleiding aan die universiteite van Stellenbosch en Zürich ontvang.

Hy was eers lektor in Soölogie aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege (die huidige Universiteit van Pretoria) voordat hy professor in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch geword het. Hy was o.m. besoekende professor by verskeie buitelandse universiteite. Tydens die Hitler-bewind het hy lesings gegee aan die universiteite van Göttingen, München, Leipzig en Breslau (tans deel van Pole). Hy was ook besoekende professor by vier Amerikaanse universiteite, t.w. dié van Albuquerque, Kalifornië in Los Angeles, Oregon en Harvard. Hy is terloops die persoon wat die eerste literatuur oor die kunsmatige bevrugting van diere uit die V.S.A. na Suid-Afrika gebring het.

In Italië was hy vir 19 maande besoekende professor aan die Universiteit van Rome.

As besoekende professor het hy vanselfsprekend sy lesings gegee in die taal van die betrokke land.

Hy is lid van twee buitelandse akademies, t.w. die Franse Akademie (hy is die enigste Suid-Afrikaner wat lid is van dié akademie) en die Akademie van Ferrara – die oudste een in Italië.

Oor sy kennismaking met die Pous – dit was Pius die Elfde – vertel dr Con dat dit eintlik aan die Pous se niggie te danke was; hy het by haar geloseer in Rome. As die Pous oudiënsie verleen aan iemand, dan is dit 'n bevel. Jy mag nie weier nie. Deur bemiddeling van die Pous se niggie het dr Con dan die bevel gekry, en dit was 'n geleentheid waarvoor hy lank gewag het. Voordat 'n mens die Pous bereik, moet die magtigingsdokument agtereenvolgens deur 86 mense onderteken word. Niemand is bevoorreg om vir langer as drie minute met Sy Heiligheid te praat nie. Maar dr Con is nie sommer iemand nie. Toe 'n halfuur verby is, toe gesels hulle nog land en sand aanmekaar.

Toe die Pous vir hom vra waar kom hy vandaan, en hy sê Suid-Afrika, was dr Con verbaas om te hoor wat die Pous alles oor Suid-Afrika en die Afrikaners weet. Hy het ook lank uitgewei oor die Hugenote-bloed in die Afrikaner-are!

Dr Con – een van die grootste kenners in ons land van die musiek, die wêreldletterkunde, tale (hy kan 'n menigte praat), die soölogie en biologie. Waar moet 'n mens ophou praat oor die man? Seker maar hier by hom, hier waar hy woon, hier waar hy gewerk het. Dit was ons voorreg om hom hier te hê as leermeester. Dit is ons voorreg om hom nog hier by ons te hê. Sy duisende studente oor die jare heen sal hom nog steeds, soos van ouds, hier op Stellenbosch kry waar hy in 'n hotel sit en eet, 'n Universiteitsfunksie bywoon, in sy motor êrens op pad heen ry, in sy woonstel in Soete Inval waar hy in 'n boek sit en lees, of skryf, of dink, of met 'n bulderende stem gesels.

En g'n steek ouer as tien, twintig jaar gelede nie.

MACDONALD - HUIS SE MANNE HOU REËNIE

"Diegene bo tagtig jaar mag maar sit," sê die voorsitter, dr Fire van Vuuren, en drie manne gaan skamerig sit; daarom verskyn hulle foto op 'n aparte bladsy as lede van Matieland se Tagtigerklub.

Die sterk manne van Macdonaldhuis, die meerderheid van hulle ewe sterk vrouens, het selfs uit die Transvaal vir die reünie op 17 Oktober in die hotel Drostdy rondom gebraaide speenvark, waterblommetjiebredie en ander Stellenbosse kultuur-produkte vergader. Onder die 23 mans aanwesig was ses doktore, aangevul met drie professore, een advokaat, een direkteur van Onderwys, een rektor, 'n hele paar inspekteurs van skole en sakemanne – maar op 'n enkele na was hulle almal reeds afgetree. Dit is merkwaardig hoe so min mense soveel lewensjare, soveel ervaring en soveel status kan verteenwoordig.

Met die huislied is begin; eers op 'n onsekere noot ondanks die feit dat Macdonaldhuis se manne eintlik die oorspronklike stempel aan Intervarsity gegee het en dus oor 'n hele paar oud-dirigente beskik, maar Mick Morris (oud-burgemeester van Johannesburg) is ongelukkig deur 'n operasie verhinder om te kom . . .

"Macdonaldhuis se manne
Se roem strek ver en wyd,
Hul staaf dit met hul dade
En sportmangees in stryd . . ."

Van 1918 tot 1931 was Macdonaldhuis 'n manskoshuis en met sy geringe inwonertal van 30 tot 32 en sy jaarlikse inname van 5 tot 6 eerstejaars (heimlik gekeur deur assistent-registrateur H. P. Dekker) was daar seker in totaal nie meer as 140 kosgangers in daardie periode nie. Is dit moontlik dat een koshuis met so 'n klein totale inwonertal só kon presteer?

Kan dit waar wees? (v.l.n.r.) mnr Gideon Venter, mev. Hester en mnr Anton Luckhoff.

Die reëlingskomitee: (v.l.n.r.) mev. Magda en dr J. C. J. van Vuuren, mev. Albertha en mnr Berchtwald (Langman) Rode, prof. H. B. en mev. Ria Thom.

Geboei deur die (geregverdigde?) grootpratery: (v.l.n.r.) mev. Maud van Soelen, dr en mev. S. J. G. Hofmeyr, dr E. C. van Soelen.



Vier van die vyf primarii van Macdonaldhuis wat teenwoordig was: (v.l.n.r.) mnr C. J. Swanepoel (1921, '22), dr E. C. van Soelen ('23), mnr H. P. Dekker (1923, '25), prof. S. J. Pretorius ('27). Dr Phil Weber was afwesig toe die foto geneem is.

Betragtend en peinsend! Mnr en mev. Theo de Villiers en prof. Bill Pretorius.

OUD-MATIE-T

Dit is vir Matieland 'n voorreg om die Oud-Maties wie se foto's hier verskyn, van harte geluk te wens met die bereiking van die mooi ouderdom van tagtig jaar en meer. Soos op die foto's gesien kan word, lyk nie een van hulle ouer as vyftig, sestig nie! Mag hulle nog vir baie lank die krag en gesondheid geniet om voort te gaan met dit waarmee hulle besig is.

Mnr J. J. du Preez, bekende onderwysman en tans van die Strand. Nog so springlewendig soos altyd!

Dr Coert Grobbelaar – die einste beminlike dr Coert van die departement Soölogie. Tans van Bloemfontein. Op 89 jaar die oudste Oud-Matie.

Mnr D. J. Strauss van Mooimeisiesfontein, Theunissen. Hy en Sangiro was in 1920 kamermaats in Quarta op Stellenbosch.



Mnr N. J. (Oom Niklaas) Basson van die Strand – op 80 jaar die wêreld se oudste aktiewe onderwyser? Ja, Oom Niklaas staan nog steeds in die tuig.

TAGTIGERKLUB

Dr D. F. Kokot, die bekende ingenieur wat nog steeds sy beroep beoefen. Dié Pretorianer dink nog baie terug aan ou Matieland.

Oud-onderwyser mnr J. E. Brevis. Hy het as jongman op Adelaid begin skoolhou – en bly nog steeds daar. Hy sê dis die karoo bossies wat hom so jonk laat oudword het!

Twee vlieë met een klap, met hulle mooi nooiens ook daarby. Hulle is twee van die Tagtigers van Macdonaldhuis wat onlangs di koshuis se reünie bygewoon het. V.l.n.r. staan mev. Lulu en dr Steph Hofmeyr, en mev. Ivy en mnr C. J. (Swanie) Swanepoe Mnr Murray Booysen, die ander Tagtiger wat die reünie bygewoon het, se foto het reeds in die April-uitgawe van Matieland in di Tagtiger-rubriek verskyn.

Nuwe aanstellings by U.S.

Vier nuwe professore en vyf medeprofessore is deur die Raad van die Universiteit van Stellenbosch aangestel.

Die vier nuwe hoogleraars if proff. A. P. Rose-Innes (Neurochirurgie), C. J. du Toit (Oor-, Neus- en Keelheelkunde), L. J. Kabat (Italiaans) en C. L. Steyn (Ortodonsie).

Die vyf man wat tot medeprofessor bevorder is, is drr T. P. Dreyer (Toegepaste Wiskunde), S. Kritzinger (Fisika), C. J. Swanevelder (Geografie), J. J. van der Walt (Anatomiese Patologie) en P. J. van Zijl (Semitiese Tale). Hulle aanstellings geld van 1 Januarie aanstaande jaar.

Prof. C. J. du Toit (58) het aan die universiteite van Kaapstad, die Witwatersrand en Pretoria gestudeer waar hy die grade M.B., Ch.B., D.T.M. en H. en M.Med. (L.et.O.) onderskeidelik in 1938, 1941 en 1960 verwerf het. Hy was onder meer twee jaar in Duitsland en Frankryk as lid van die Silikose Buro en het ook tien jaar lank 'n algemene praktyk besit. Sedert 1973 was hy hoofspesialis en hoof van die departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde aan die Karl Bremer-Hospitaal.

Prof. L. J. Kabat (42) is aangestel as hoof van die departement Italiaans. Hy het kort gelede uit Amerika in Suid-Afrika aangekom. Prof. Kabat was sedert 1971 medeprofessor in Italiaans aan die Universiteit van Massachusetts in Boston en het sy doktorsgraad in 1972 aan die Universiteit van Columbia behaal. Hy was ook 'n ruk lank verbonde aan die fakulteit van Regsgeleerdheid van die Universiteit van Pennsylvania en het vir die Amerikaanse Leër en dié land se departement van Binnelandse Sake deeltyds gewerk as vertaler en tolk.

Die nuwe professore en medeprofessore van die Universiteit, van links na regs op bladsye 40 en 41: Proff. C. J. du Toit, L. J. Kabat, A. P. Rose-Innes, C. L. Steyn, T. P. Dreyer, S. Kritzinger, C. J. Swanevelder, J. J. van der Walt en P. J. van Zijl.

Prof. A. P. Rose-Innes (44) het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer waar hy ook 'n ruk lank dosent was. Hy het sedert 1965 lidmaatskap van die Kollege vir Chirurge en was onder meer in 1970 die sameroeper van die eerste nasionale kongres vir Neurochirurge in Suid-Afrika. Hy het ook opgetree as eksaminator van die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika in Neurochirurgie en Neurologie. Sedert 1972 is hy Hoofneurochirurg aan die Tygerbergse hospitaal en was voor sy aanstelling senior lektor in Neurochirurgie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. C. L. Steyn (42) is van 1 Januarie aanstaande jaar aangestel as hoogleraar in Ortodonsie en ook hoof van dié departement in die fakulteit Tandheelkunde. Hy het die grade B.Ch.D. en M.Ch.D. onderskeidelik in 1957 en 1974 aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Prof. Steyn het van 1958 tot 1968 'n privaatpraktyk besit.

Dr T. P. Dreyer (38) wat van 1 Januarie aanstaande jaar tot medeprofessor in die departement Toegepaste Wiskunde bevorder is, het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. (albei cum laude) M.Sc. en Ph.D. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf – hy het in 1960 die kwalifikasie A.M. (cum laude) aan die Universiteit van Harvard in die V.S.A. behaal. Hy is in 1957 as junior lektor aangestel by die Universiteit van Stellenbosch. Hy was van September 1960 tot Mei 1962 op Harvard waarna hy weer na die Universiteit van Stellenbosch teruggekeer het. Dr Dreyer is sedert 1963 lid van die S.A. Wiskundevereniging en het in 1959 die Cornwell & York-prys vir Wiskunde gedeel.

Dr S. Kritzinger (35) het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (almal cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Daarna het hy in Birmingham, Engeland, drie jaar navorsing gedoen in Vastetoestandfisika en Fisiese Metallurgie vir 'n tweede M.Sc.- en 'n doktorsgraad. Hy is onder meer lid van die Britse Instituut van Fisika en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy spesialiseringsgebied is die meganiese eienskappe en substruktuur van vaste stowwe soos veral bestudeer met die elektronmikroskoop. Hy is houer van die Professor John Todd Morrison Goue Navorsingmedalje vir 1964 en ook The Institute of Metals Prize van die Britse Eilande vir 1967. Dr Kritzinger word op 1 Januarie aanstaande jaar medeprofessor in die departement Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dr Carl John Swanevelder (47) het die grade B.A., M.A. en D. Phil (1965) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was ses jaar hoof van die departement Militêre Geografie aan die Militêre Akademie op Saldanha. Sedert Januarie 1966

is hy senior lektor in die departement Geografie aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1970 was hy vir ses maande in die V.S.A. as besoekende dosent verbonde aan die Central Washington State College in Ellensburg, Washington. Die navorsingswerk vir dr Swanevelder se doktorale proefskrif het oor die grondgebruik van die Breërivieropvanggebied gehandel en hy het onder meer 'n besonder gedetailleerde grondgebruikkaart van die gebied saamgestel. Hy dien in verskeie universiteitskomitees en is ook redakteur en medeskrywer van Senior Sekondêreskool-Aardrykskundehandboeke. Van 1 Januarie aanstaande jaar is hy medeprofessor in die departement Geografie.

Dr J. J. van der Walt (44) het die grade M.B., Ch.B. en M. Med. (Path.) onderskeidelik in 1955 en 1962 aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Die graad M.D. het hy verlede jaar aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. In 1955 was hy 'n mededinger vir die Goue Medalje in Interne Geneeskunde en het die afgelope aantal jare gedien as voorsitter, ondervoorsitter of sekretaris in 19 verskillende rade en verenigings. Dr Van der Walt is sedert 1972 Hoofpatoloog in die Karl Bremer-Hospitaal en senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch. Van 1 Januarie aanstaande jaar is hy medeprofessor in die departement Anatomiese Patologie.

Dr P. J. van Zijl (36) het al sy kwalifikasies aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het in 1964 die graad M.A.

met lof geslaag en sy doktorsgraad in 1968 verwerf. Hy is in 1964 aangestel as junior lektor en is sedert 1969 senior lektor. Die Alexander von Humboldt-beurs is vanjaar aan dr Van Zijl toegeken – hy is ook onder meer assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is van 1 Januarie aanstaande jaar medeprofessor in die departement Semitiese Tale. Dr Van Zijl is op die oomblik in Duitsland en keer aanstaande jaar in Junie terug na die Republiek.

Die Universiteit het ook verskeie senior lektore aangestel. Hulle is dr S. B. Bekker (Sosiologie), dr J. du Preez (Sendingwetenskap), mnr P. J. Erens (Meganiese Ingenieurswese), mnr T. Steinmann (Besigheidsbestuur en -administrasie), dr D. A. White (Chemiese Ingenieurswese), mnr P. J. Bakkes (Elektrotegniese Ingenieurswese), mnr P. Maritz (Wiskunde), mnr N. J. le Roux (Statistiek) – hy was voorheen senior lektor in Sielkunde, en mnr J. F. Kapp (Siviele Ingenieurswese).

Nuwe lektore is mnr G. S. Cloete (Openbare Administrasie en Staatsleer), mnr F. le Roux (Ekonomie), mnr P. R. de Wet (Opvoedkunde), dr L. S. Maresky (lektor/kliniese assistent Mondgeneeskunde en Periodonsie), mnr W. S. Pretorius (Ekonomie), mnr A. J. Murray (Arbeidsterapie) en mej. P. A. Kilpatrick (Fisioterapie). Mev. J. Matthee is aangestel as junior lektrise in Fisioterapie.

Die Raad van die Universiteit het ook verskeie ander senior aanstellings goedgekeur.

Mnr Willem Roos (37) is aangestel as Beplanningsingenieur in die Universiteit se afdeling Beplanning. Mnr Roos het die grade B. Sc., B. Ing. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was tot onlangs Universiteitsingenieur by die Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg. Mnr Roos kom oorspronklik van Nigel aan die Oos-Rand. Hy het sy nuwe pos aan die Universiteit van Stellenbosch op 1 September vanjaar aanvaar.

Mnr Ivan Mouton (35) is aangestel as eerste administratiewe beampte in die afdeling Beplanning waar hy uitsluitlik belas sal wees met die koördinering en ontwikkeling van die Universiteit se satellietkampus op Durbanville. Mnr Mouton was eers senior ontwikkelingsbeampte in die departement Ontwikkeling van die Universiteit. Hy het die graad B. Comm. in 1961 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en vier jaar later die graad Hons.-B. Com. aan die Universiteit van Suid-Afrika. Mnr Mouton was onder meer drie jaar lank bestuurder van 'n eiendomsontwikkelingsmaatskappy van 'n bekende bouvereniging in die Wes-Kaap. Hy was ook 2½ jaar dosent aan die Skiereilandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Hy aanvaar sy nuwe pos op 1 November vanjaar.

Mnr William Fox (40) is aangestel as eerste administratiewe beampte, Akademiese Afdeling. Mnr Fox, 'n produk van die





Hoër Seunskool in Pretoria het sy kwalifikasies aan die universiteite van Suid-Afrika en Natal behaal. Hy is tans aan die Universiteit van Stellenbosch met sy doktorsgraad besig. Voordat hy in Februarie verlede jaar na die Universiteit van Stellenbosch gekom het, het hy as taalkundige gewerk in die Natalse Provinsiale Administrasie in Pietermaritzburg. Hy het reeds sy nuwe pos aanvaar.

Dr Frans B. Malan (33) is aangestel as mediese beampte in die Universiteit se Studentegesondheidsdiens. Dr Malan se aanstelling bring mee dat daar nou twee geneeshere verbonde is aan die Studentegesondheidsdiens. Dr Malan het in 1966 aan die Universiteit van Stellenbosch as geneesheer gekwalifiseer. Hy was huisdoktor in die Karl Bremer-Hospitaal waarna hy na Oos-Londen vertrek het. Hy het aan die einde van verlede jaar teruggekeer waar hy op die oomblik aan die Stellenbosse hospitaal verbonde is. Dr Malan het sy nuwe pos op 1 November vanjaar aanvaar.

Mnr D. L. S. (Dawie) Snyman is sedert 1 Augustus assistent-sportsekretaris in die afdeling Sport van die Universiteit. Dit is 'n nuwe pos. Mnr Snyman was vanjaar onderkaptein van die Sprinkbokrugbyspan in die toetsreeks teen die Franse. Hy het op Grey-Kollege in Bloemfontein skoolgegaan en aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer. Hy is op die oomblik kaptein van die universiteit se eerste rugbyspan.

SAAMTREK TER SEE!

'n Vyftigtal Oud-Maties het in September op die *S.A. Vaal* 'n bootreis van Kaapstad na Durban en terug onderneem – en geskiedenis gemaak. Dié bootreis was die eerste Oud-Matiesaamtrek ter see ooit! 'n Tierende Kaapse Dokter het sy bes probeer om die reis te laat skipbreuk ly, maar het ná 'n dag tou opgegooi. Dit was 'n jolige klomp wat Tafelberg die Saterdagmiddag vaarwel toegewuif het!

Behalwe dat die Dreyers van Somerset-Wes se bootreis in Port Elizabeth geëindig het – mev. Dreyer het besluit sy is nie so 'n goeie matroos nie! – het die reis baie suksesvol en voorspoedig verloop. Die klomp Oud-Maties is onder die toerleierskap van Andries Esterhuyse (hy is adjunk-Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit) spoedig saamgesnoer tot 'n hegte familie en pragtige bande is gesmee.

Besoek is afgelê by die universiteite van Port Elizabeth en Durban-Westville, waar die groep hartlik en gasvry ontvang is. Uiters interessante besoeke. So ook dié by die Hindoe-tempel in Durban.

En nou, ná die toer, word daar nog steeds gemymer oor daardie gelukkige, rustige dae ter see. Soos seevoëls fladder die briewe oor en weer na mekaar toe.

"Dit was 'n wonderlike voorreg om 'n luukse bootreis met mede-Oud-Maties te geniet," skryf Elsabé en Marius Prins.

In dieselfde gees skryf Rene Morkel: "Ek hoop hierdie toer van September 1975 sal die voorloper wees van baie dergelike toere wat vir Oud-Maties gereël word, want elke oomblik daarvan was genotvol, gelukkig en ook rustig!"

En oom At van Stellenbosch sê: "Die gesellige toer van ons groep sal nog vir my baie lank in die toekoms mooi herinneringe laat belewe." Daar is talle ander briewe in dié trant.

Die foto, wat ter see geneem is, is 'n toonbeeld van dié geselligheid, rustigheid en genot:

Agter staande: Dr en mev. J. C. J. van Vuuren (Stellenbosch), mnr E. Gonin (Worcester), mnr Attie Slabber (Stellenbosch), adv. en mev. J. S. Davel (Calvinia), mev. S. W. Cronje (Strand), dr D. W. Moulder (Bellville), mev. G. van Niekerk (Stellenbosch), dr en mev. B. de Bruijn (Bellville), mev. en mnr W. J. A. Esterhuysen (Klerksdorp), mev. en mnr W. A. Rahl (Riversdal), mev. A. M. S. Joubert (Stellenbosch), mnr Andries Esterhuyse (Stellenbosch), mev. A. Metcalf (Claremont), mej. M. J. van Zyl (Strand), mev. Visser (Oudtshoorn), mev. A. Hoffman (Strand), en mnr J. G. Visser (Oudtshoorn).

Sittende: Dr G. F. Hugo (Porterville), mev. E. M. van Niekerk (Stellenbosch), mev. en mnr P. B. A. Beukes (Stilbaai), mev. en mnr H. P. D. Barnard (Graaff-Reinet), mev. A. H. Stofberg (Rawsonville), mev. P. K. Morkel (Stellenbosch).

Voor: Ds M. G. Muller (Napier), mev. en mnr J. A. J. Baard (Lutzville), mej. O. Venter (Worcester), mev. en mnr P. T. du Toit (Rawsonville), mej. E. du Toit (Worcester), mej. T. van Schalkwyk (Wynberg), mev. S. Heap (Cradock), mej. S. Sandenberg (Pretoria), mev. en dr M. Prins (Windhoek), mev. M. M. Hendriks (Bloemfontein) en mnr J. J. Hendriksz (Kimberley).

Die volgende toerlede was iewers op die dek toe die foto geneem is: Mev. Hugo (Porterville), mev. Moulder (Bellville), mnr en mev. J. J. van Rooyen (Newcastle) en mev. H. J. de Groot (Aliwal-Noord).

Namakwaland trek saam

Die Oud-Maties van Namakwaland het onlangs 'n baie geslaagde saamtrek op Nababeep gehou. Op die foto spreek die Vise-Rektor, prof. W. L. Mouton, die Oud-Maties toe. Links van hom op die foto sit mev. Mouton, met mnr Andries Schreuder, die voorsitter van Springbok se skakelkomitee, langs haar. Regs van prof. Mouton sit mev. Ina de Beer, mnr Johan Marais, die voorsitter van Nababeep se skakelkomitee, mev. Elise Schreuder en ds Kriel.

Durban en Bethlehem se Oud-Maties ook byeen

Twee baie geslaagde saamtrekke van Oud-Maties is onderskeidelik op 16 en 26 September vanjaar in Durban en op Bethlehem gehou. Durban se Oud-Matie-Skakelkomitee het daarin geslaag om 150 Oud-Maties bymekaar te bring in 'n hotel langs die Noordstrand waar hulle deur mnr A. J. Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, toegespreek is. Daarna is lank op baie gesellige wyse saam verkeer. 'n Aantal Oud-Maties wat op 'n seetoer op die S.A. Vaal was, sou aanvanklik ook op dié geselligheid in Durban gewees het maar 'n sterk wind in die Tafelbaaise hawe het die posboot vertraag. Die saamtrek op Bethlehem is gereël deur die Oud-Matie-Skakelkomitee. Dit het plaasgevind op mnr Louis Botha se plaas Spes Bona en was so geslaag dat daar summier besluit is om 'n groot saamtrek van Oud-Maties van die Oos-Vrystaat vir aanstaande jaar te reël. Mnr Esterhuyse was ook op Bethlehem teenwoordig en het ook weer die aanwesiges toegespreek.

NUWE UNIVERSITEITSLIED – Oud-Maties gaan meedoen

Die huidige Universiteitslied bevredig lank nie meer nie wat nòg woorde nòg musiek betref. In die lig hiervan het die Universiteit 'n komitee benoem om die moontlike vervanging van die lied deur 'n ander een te ondersoek.

Op aanbeveling van die komitee het die Universiteit besluit om die huidige Universiteitslied af te skaf.

Matieland bring graag die volgende besluite van die Universiteit onder die aandag van sy lesers:

(i) Dat die amptelike afskaffing van die Universiteitslied onder die aandag van oud-studente gebring word, en

(ii) dat die lesers van Matieland meegedeel word dat, met die oog op die moontlike skepping van 'n nuwe Universiteitslied, pogings van persone wat woorde wens voor te lê, ingewag word tot einde Mei 1976. Dit staan sulke persone vry om musiek ook saam te stuur, maar die Universiteit behou die vryheid om in sulke gevalle die woorde alleen te gebruik.

Inskrywings kan gestuur word aan:
Die Saamroeper
Universiteitsliedkomitee
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH 7600

BESTEL NOU U NUWE SANGFEES-PLAAT!

Kersfees in net om die draai. Watter beter present kan u aan dink as die splinternuwe plaatopname van die Matiesangfees van 1975?

'n Hoëtrou-langspeelplaat van dié unieke sangfees is tans beskikbaar teen R5,00, verpakking en posgeld ingesluit.

Maak u tjek of posorder uit aan ALVOX en stuur dit aan:
Die Studenteraad
Langenhoven-studentesentrum
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH 7600

IN MEMORIAM

'n Oud-Matie en een van Suid-Afrika se bekendste en kleurrykste wetenskaplikes, dr L. D. Boonstra, is einde Oktober in die ouderdom van 70 jaar in Kaapstad oorlede. Hy was 'n wêreldkenner op die gebied van die fossiele van die Karoo en veral die Koup. Hy was ook eertydse hoofpaleontoloog van die Suid-Afrikaanse museum in Kaapstad.

Dr Boonstra is op Volksrust in Transvaal gebore en het ook daar sy skoolopleiding geniet. In 1926 het hy die graad B.Sc. in Soölogie (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en twee jaar later die graad M.Sc. ook cum laude. In 1930 het hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Kort nadat hy die graad B.Sc. op Stellenbosch behaal het, het hy hom by die Suid-Afrikaanse Museum aangesluit en 'n waardevolle bydrae gelewer tot die fossielversameling van dié museum. Talle ekspedisies na verskillende dele van die land is deur hom gelei en op 'n keer was hy ook leier van die Universiteit van Kaapstad se Kalahari-ekspedisie. Een van dr Boonstra se groot liefdes was om aan die publiek 'n beeld te gee van hoe die fossiele wat hy ontdek het, in die lewe gelyk het. So het hy dan lewensgetroue konstruksies van oerdiere opgebou wat van die gewildste vertoonstukke in die museum in Kaapstad is.

Dr Boonstra word oorleef deur sy vrou, drie seuns en 'n dogter.

'n Oud-Matie wat diep spore in die N.G. Kerk getrap het gedurende 'n halfeeu in die bediening is vanjaar op 3 September in die ouderdom van 89 jaar oorlede. Hy was dr P. S. Z. (Oom Pietie) Coetzee van Bloemfontein. 'n Eredoktorsgraad is in 1965 deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken ter erkenning van sy besondere dienslewering.

Oom Pietie is op Winburg in die Vrystaat gebore en het op Stellenbosch in die teologie studeer. Voordat hy na Stellenbosch gekom het, het hy 'n jaar onderwys gegee – een van sy leerlinge was die gewese Staatspresident, mnr C. R. Swart.

Dr Coetzee was onder meer Aktuaris van die Transvaalse Sinode, Assessor en Moderator van Vrystaatse Sinodes en ook Assessor van die eerste Algemene Sinode. Hy het besonder belanggestel in die diens van barmhartigheid en in die sending. Tydens sy bediening in Johannesburg het hy hom die lot van die minderbevoorregtes aan die Rand ernstig aangetrek en dit was dan ook hoofsaaklik deur sy toedoen dat die barmhartigheidswerk van die N. G. Kerk in dié gebied 'n wetenskaplike georganiseerde vorm aangeneem het.

Oom Pietie word oorleef deur sy tweede eggenote en ses kinders.

Prof. H. D. A. du Toit, wat sy aanvanklike studie in die teologie op Stellenbosch begin het en met sy aftrede in 1972 dekaan van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria was, is in Augustus vanjaar oorlede.

Hy is in 1907 op Porterville gebore en het ook daar skoolgegaan. Die graad B.A. het hy aan die Universiteit van Kaapstad verwerf waarna hy sy teologiese studie op Stellenbosch voortgesit het. Hy het later sy doktorsgraad aan die Vrije Universiteit van Amsterdam verwerf. Prof. du Toit was die eerste studentepredikant vir die universiteite in die noorde en was leraar in die gemeentes Carolina, Pretoria-Oos en Bronberg voordat hy in 1948 'n beroep na die Paarl aanvaar het waar hy tot 1953 leraar van die Strooidakkerk was.

Hy is in Pretoria begrawe en word oorleef deur sy vrou en twee seuns waarvan een, dr Howard du Toit in sy vader se voetspore volg en predikant is op Pietersburg.

Mnr I. J. M. Archer, wat die grade B.Sc. (cum laude) en M.Sc. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en veral bekendheid verwerf het as skrywer van skoolboeke oor wiskunde en wetenskap, is onlangs in die ouderdom van 74 jaar oorlede. Hy was vroeër 'n inspekteur van onderwys en was ook lektor in chemie voordat hy op Steytlerville begin onderwys gee het.

Mnr Archer was onder meer lid van die Departementele Eksamenkommissie, verskeie keer eksaminator en moderator en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie.

Hy word oorleef deur sy eggenote, 'n seun, 'n dogter en twee kleinkinders.

Een van die Universiteit se groot donateurs en 'n gesiene en bekende inwoner van die distrik Stellenbosch, mnr Peter Barlow is op 19 Oktober in 'n Kaapstadse verpleeginrigting oorlede.

Die oorledene, wat op die plaas Rustenberg net buite Stellenbosch gewoon het, was lid van die bekende nywerheidsfamilie Barlow. Hy was 'n trustee van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting en lid van die wêreldwye eksklusiewe 1001-klub wat deur prins Bernard van Nederland gestig is.

Mnr Barlow laat sy eggenote, twee getroude dogters en 'n seun agter.

'n Oud-Matie wat in sy leeftyd waardevolle navorsing gedoen het oor die lewensgeskiedenis en beheer van die kommandowurm is onlangs oorlede. Hy is mnr Carel Christiaan (Yster) Hattingh wat op Stellenbosch gewoon het. Hy was 64 jaar oud.

Mnr Hattingh is in 1910 op Rouxville gebore en het op Ficksburg gematrikuleer. Daarna het hy hom aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf waar hy die graad B.Sc. verwerf het. Kort na sy universiteitsloopbaan is hy as entomoloog in die Staatsdiens in Pretoria aangestel waar hy die belangrike navorsing in verband met die kommandowurm gedoen het.

Later is hy na Stellenbosch verplaas waar hy gespesialiseer het in die beheer van witluise en die kodlingmot. Vanweë sy gewildheid onder die boere en sy wetenskaplike prestasies, is hy in 1947 aangestel as besturende direkteur van Plaagbeheer en Oesbeskerming Bpk.

Dié maatskappy is deur Fison-Plaagbeheer Bpk (S.A.) oorgeneem. Later het mnr Hattingh ondervoorsitter en bestuurder (in Kaapland) van Fison geword. Hy het in 1968 afgetree maar was jare daarna ook nog 'n direkteur van dié onderneming.

VAN ONS DONATEURS

Die Universiteit is bevoorreg om verskeie groot Suid-Afrikaanse maatskappye as gereelde donateurs te hê. Verteenwoordigers van sommige van die maatskappye het vanjaar hulle tjeks persoonlik kom oorhandig.

Onder: Die oorhandiging van die derde paaiement in Sanlam se huidige reeks skenkings aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek is gedoen deur mnre W. C. N. de Jongh en J. G. Pauw (hulle staan links op die foto). Mnr A. de Vries, adjunk-direkteur van die Buro, ontvang die tjek, met prof. R. J. van Wyk van die departement Bedryfsekonomie langs hom.

Heel onder: Homes Trust Lewensassuransie Beperk se jaarlikse skenking aan die Universiteit is gemaak deur mnr L. Esterhuyse, takbestuurder van die Paarl, terwyl die taksekretaris, mnr P. Pretorius, by staan. Die tjek word ontvang deur mnr I. Mouton van die departement van Ontwikkeling.

Regs bo: mnr R. P. Cluver, voorsitter van die plaaslike Raad van direkteure van die S.A. Permanente Bouvereniging, oorhandig die maatskappy se tjek aan mnr P. J. Lombard, die Universiteit se Direkteur van Ontwikkeling, terwyl mnr C. de B. Bester, die plaaslike bestuurder, toekyk.

Regs, tweede van bo: Trust Bank van Afrika Beperk se tjek word oorhandig deur mnr M. J. Geldenhuys, die plaaslike takbestuurder van die Bank.

Regs, tweede van onder: mnr C. Clegg het B. P. Suidelike Afrika (Edms) Bpk se tjek kom oorhandig.

Regs, onder: Rondalia Beperk is deur sy Kaapstadse direkteur verteenwoordig by die oorhandiging van die maatskappy se jaarlikse donasie. Hy is mnr C. S. Greig, hier afgeneem met die Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit.

Ons klante is puntenerig...
en ons hou daarvan.

Wat ook al u behoeftes,
skakel NHD
en wees puntenerig.
Ons hou daarvan.

NASIONALE HANDELSDRUKKERY (EDMS.) BEPERK

Verkoopafdeling:
Drommedaris-gebou, Leeuwenstraat, Kaapstad. Tel. 2-2124.
Administrasie en fabriek:
Malherbestraat, Parow. Tel. 98-1475

MATIELANDFONDS GROEI PRAGTIG!

Die Matielandfonds het vanjaar met die rekordbedrag van R562,50 toegeneem – teenoor R331,80 verlede jaar! Dit bring die totaal op R10 044,11 te staan. Nou sien ons uit na die volgende mylpaal – die bereiking van die R20 000-merk!

Oud-Maties en ander vriende van die Universiteit het in 1959 tot die fonds begin bydra nadat mnr Mike Pienaar van Bellville reeds in die tweede uitgawe van Matieland voorgestel het dat elke Oud-Matie dit moet oorweeg om 'n minimum van £1,0,0 by te dra tot 'n fonds wat die Universiteit sal onthef van alle geldelike verpligtinge ten opsigte van die druk- en verspreidingskoste van Matieland.

Hierdie geld is deur die jare belê, en saam met die renteopbrengs is die fonds reeds naby die R19 000-kerf! Wanneer ons die stadium bereik dat die rente-opbrengs die totale druk- en verspreidingskoste van Matieland sal kan dra, sal 'n groot en belangrike ideaal bereik wees!

Ons dank al ons getroue lesers wat tot dusver gewerk het aan die verwesenliking van hierdie ideaal.

Die volgende persone het volgens ons rekords vanjaar tot die fonds bygedra:

Totaal tot op 31 Oktober 1974	R9 481,61
Mnr C. Aldrich, Vereeniging	10,00
Mev. N. Barrow, Pretoria	3,00
Ds J. F. Basson, Harrismith	10,00
Dr J. J. Berends, Australië	10,00
Mnr N. M. Boonzaaier, Wolmaransstad	10,00
Mnr J. F. Bosch, Mosselbaai	4,00
Mnr C. A. Botha, Kaapstad	5,00
Mev. R. R. Braun, Randburg	5,00
Mnr T. N. Brimacombe, Strand	5,00
Prof. V. Brümmer, Nederland	10,00
Dr J. D. Buys, Pretoria	10,00
Mnr C. J. P. Celliers, adres onbekend	5,00
Mnr A. Clark, Port Shepstone	20,00
Mnr J. G. Cloete, Irene	20,00
Mnr J. J. de Beer, King William's Town	5,00
Mnr P. W. de Bruin, Strand	10,00
Mev. A. de Jager, Oudtshoorn	5,00
Dr M. H. de Kock, Seepunt	10,00
Dr W. P. de Kock, Boskop	10,00
Mnr A. M. de Villiers, Pretoria	5,00
Mnr J. R. B. de Villiers, Sanlamhof	5,00
Mnr A. P. Dippenaar, Sishen	5,00
Mej. C. J. du Plessis, Parowvallei	2,00
Mnr F. P. J. du Toit, Nelspruit	3,00
Mev. J. Erasmus, Oudtshoorn	5,00
Mnr en mev. J. A. Erasmus, Somerset-Oos	25,00
Mej. S. Ferreira, Hennenman	5,00
Mnr J. G. Grove, Johannesburg	5,00
Mnr A. H. Günther, Verwoerdburg	5,00
Mev. M. C. Günther, Warmbad Tvl.	2,00
Mev. M. Haarhoff, Somerset-Wes	2,00
Dr en mev. L. P. Hüsselman, Stilfontein	10,00
Prof. M. E. Jooste, Stellenbosch	5,00
Mev. N. Jordan, Kokstad	2,00
Dr D. F. Kokot, Pretoria	10,00
Mev. B. Kotzé, Oos-Londen	5,00
Mnr A. J. Krog, Pietermaritzburg	2,00
Mnr H. C. Kuun, Hartebeespoort	10,00
Ds D. P. van Z. Laurie, Strand	11,00
Mnr J. B. le Roux, Klein-Brakrivier	2,50
Mnr G. S. Louw, Kleinmond	5,00
Mev. C. M. Lubbe, Paarl	2,00
Mnr J. P. Ludick, Johannesburg	10,00
Mej. S. Marx, Kempton Park	5,00
Mnr W. T. P. Mostert, Marshall Town	10,00
Mev. A. Murray, Pretoria	5,00
Mev. A. S. Naude, Lichtenburg	2,00
Mnr en mev. J. M. Neser, Johannesburg	10,00
Mnr J. J. V. Neveling, Somerset-Wes	2,00
Mnr H. J. B. Nolte, Strand	3,00
Mnr H. F. O'Kennedy, Montagu	2,00
Mnr F. J. Olivier, Johannesburg	1,00
Mnr M. H. de W. Pienaar, Milnerton	10,00
Mnr R. W. Poolman, Windhoek	10,00
Mnr W. L. Pretorius, Theunissen	30,00
Ds C. J. Prins, Halfway House	5,00
Mnr A. L. Prinsloo, Lichtenburg	10,00
Mnr D. J. Rademan, Dundee	5,00
Mnr en mev. J. E. Reeler, Randburg	10,00
Mnr G. J. Riedeman, Paarl	5,00
Mnr H. Rotter, Nababeep	10,00
Mnr B. J. Roux, Strand	5,00
Mnr W. R. Schneider, Windhoek	5,00
Mev. E. A. Slabbert, Pretoria	3,00
Mev. M. M. Smalberger, Albertinia	1,00
Adv. en mev. F. van Zyl Smit, Durbanville	10,00
Mnr G. E. F. Smith, Tuine	5,00
Mev. L. Stemmet, Worcester	5,00
Mnr J. S. Steyn, Lydenburg	5,00
Mnr D. K. Toerien, Mosselbaai	2,00
Mnr P. J. van den Heever, Pretoria	5,00
Mnr B. A. van der Merwe, Carnarvon	10,00
Prof. K. J. van der Merwe, Stellenbosch	2,00
Mnr B. le S. van der Riet, Prieska	10,00
Lt J. P. C. van der Westhuizen, Durban	5,00
Dr W. S. van der Westhuizen, George	3,00
Mnr T. A. van Eeden, George	1,00
Mnr B. P. J. van Rensburg, Zastron	5,00
Mev. M. E. van Zyl, Pretoria	10,00
Ds E. Viljoen, Strand	3,00
Mnr E. M. Viljoen, Rondebosch	5,00
Mnr G. F. Wagener, Windhoek	10,00
Mnr F. J. Wessels, Randburg	5,00
Mnr H. Wolfaardt, Alberton	2,00
TOTAAL tot op 31 Oktober 1975	R10 044,11

Alle tjeks en posorders moet asseblief aan *Die Matielandfonds* uitgemaak word.

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, GEHOU IN DIE H. B. THOM-TEATER OP MAANDAG, 9 DESEMBER 1974 OM 19h00

Aanwesig:
Prof. C. G. W. Schumann (President), prof. J. H. Barnardt, dr R. K. Belcher, ds G. J. V. Bell, mev. J. Bell, mev. K. E. Beyleveld, mnre C. M. Booysen, P. J. A. Borman, prof. A. G. Botha, mev. F. Botha, mnr F. A. Botha, proff. J. P. Bothma, G. G. Cillié, mev. M. S. B. Cillié, mnr F. A. Claassen, mev. A. E. Coetzee, mev. C. S. Coetzee, mnr P. P. Coetzee, dr P. P. Coetzee, mev. A. Conradie, mnr E. L. Conradie, mnr R. P. Conradie (Sekretaris), prof. J. J. Cruywagen, mev. A. J. de Bruijn, mnr N. C. de Klerk, dr Anna J. D. de Villiers, mnr I. S. de Villiers, prof. J. J. de Villiers, proff. J. N. de Villiers, J. W. R. de Villiers, P. C. de Villiers, mnr A. de Vos, proff. M. P. de Vos, M. J. de Vries, drr. T. P. Dreyer, N. J. du Preez, A. J. du Toit, mnr C. G. de K. du Toit, mnr C. G. de K. du Toit (jr.), proff. P. S. du Toit, D. L. Ehlers, F. M. Engelbrecht, mnre A. J. Esterhuyse, J. L. Fechter, mev. H. E. Ferreira, mnr I. F. Ferreira, mev. R. Fouché, mnr M. J. Geldenhuys, dr M. Grut, ds J. W. Hanekom, prof. G. L. F. Hartwig, mevv. J. M. Hartwig, C. M. Hattingh, mnr D. C. Hauptfleisch, prof. M. E. Jooste, dr D. J. Joubert, mnr F. J. Joubert, mev. A. Kirsten, proff. J. F. van E. Kirsten, G. J. R. Krige, mnr J. H. G. Kühn, prof. E. W. Laubscher, dr W. G. le Roux, mnre P. J. Lombard, C. F. Louw, H. G. Malherbe, prof. D. J. Marais, dr Patricia McMagh, mnre J. W. H. Meiring, J. H. Momberg, I. J. Mouton, prof. J. J. Müller, mnr L. J. Murray, mev. M. E. Murray, prof. A. Nel, mnr G. Nieuwoudt, adv. S. D. C. Odendaal, dr C. Olivier, mnr J. R. Olivier, mnre J. J. Oosthuysen, G. M. Pellissier, proff. J. W. Postma, F. J. M. Potgieter, mnr J. E. Potgieter, dr Lettie Pretorius, prof. S. J. Pretorius, mnr A. W. Retief, proff. H. O. Reuter, D. E. W. Schumann, mev. Wynnie Schumann, mnr H. H. Smit, mev. H. M. Smit, ds A. J. H. Smith, mev. N. Smith, mej. E. H. Smuts, mev. C. M. Squier, ds L. M. Steenkamp, mnr C. J. Swanepoel, prof. J. F. A. Swartz, mev. E. Theron, mnre O. Theron, W. Theron, L. M. Toerien, J. R. Uys, mev. A. K. van Aarde, mnr W. J. van Aarde, prof. I. J. van Biljon, mev. M. van der Merwe, mnre W. S. van Dijk, A. A. J. van Niekerk, D. E. van Niekerk, prof. H. G. van Niekerk, mevv. M. M. I. van Niekerk, D. M. J. van Vuuren, dr J. C. J. van Vuuren, prof. C. J. van Wyk, mev. E. Verwoerd, prof. W. J. Verwoerd, mnre J. H. Vosloo, G. N. Wagener, dr P. E. Walters, mnr H. J. Zietsman.

Op versoek van die President open prof. J. J. Müller die verrigtinge met gebed.

Die Sekretaris lees die gedrukte kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, waarna die President die vergadering as behoorlik gekonstitueer verklaar.

Die notule van die vergadering van 25 September 1973 word goedgekeur en deur die handtekening van die President bekragtig.

Al die aanwesige lede word welkom geheet deur die President.

Meegevoel met naasbestaandes van afgestorwe lede
By monde van die President betuig die vergadering sy meegevoel met die nabestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die laaste vergadering heengegaan het. Die volgende persone word genoem:

Mnr Herman Steytler, prof. Kalie Heese, dr D. J. Conradie, prof. B. B. Keet, ds S. J. Pieterse, mnre P. M. H. Calitz, J. V. E. Potgieter, J. S. N. Bruwer, P. de V. Daneel, D. J. Nolte, mev. Pietertjie Vosloo (geb. De Swardt), ds W. S. Conradie, mev. Winnie Morkel, proff. C. L. Olën, S. Pauw, J. Studer, mnre Christo Smit, Chris Immelman, F. van S. Hanekom.

Presidentsverkiesing
Prof. C. G. W. Schumann word eenparig tot President van die Konvokasie herkies vir 'n verdere termyn van twee jaar.

Geleentheidspreker
'n Kort geleentheidsrede word gehou deur die Hoof van die Buro vir Studentevoorligting, mnr E. L. Conradie, oor "Studentehulpdienste aan die Universiteit". Sy uiteensetting van hulpdienste aan die studente gee hy onder die hoofde Universiteitsbiblioteek, Buro vir Studentevoorligting, Studentegesondheidsdiens, Sportfasiliteite en die Langenhoven-Studentesentrum.

Onbestrede voorstelle van gelukwense
Onbestrede voorstelle van gelukwense aan 'n aantal persone i.v.m. onderskeidinge wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere:

(*a*) *Benoemings/aanstellings binne die Universiteit*

Vise-Kanselier:	Dr J. S. Gericke (herbenoem)
Rektor:	Prof. J. N. de Villiers (herbenoem)
Vise-Rektor:	Prof. W. L. Mouton
Heeltydse Dekane:	Proff. A. Nel (Lettere en Wysbegeerte), M. J. de Vries (Natuurwetenskappe), J. F. A. Swartz (Opvoedkunde), H. A. Louw (Landbou), D. E. W. Schumann (Handel en Administrasie).
Professore:	Proff. B. Bouwer (Statistiek), P. J. Conradie (Grieks), W. P. Esterhuyse (Filosofie), G. Geldenhuys (Toeg. Wiskunde), W. J. O. Jeppe (Ontwikkelingsadministrasie), D. G. M. Donald (Boskunde), W. D. Hamman (Besigheidsbestuur), W. L. Nell (Onderwysadministrasie), K. J. van der Merwe (Biochemie).

(*b*) *Verkiesing volle lid van S.A. Akademie:* Proff. P. J. Conradie, J. M. du Toit, G. Stander, A. B. van der Merwe, W. J. Verwoerd

(*c*) *Eredoktorsgrade deur Universiteit toegeken:* Prof. R. L. Straszacker – D.Ing.; dr H. Herre – D.Sc.

(*d*) *Aanstellings Univ. Wes-Kaapland:* Prof. H. S. Breytenbach, heeltydse Dekaan, Fakt. Tandheelkunde; dr Christo Pienaar, professor in Plantkunde; dr U. R. R. Plüddemann, professor in Duits; dr J. H. Skinner, professor in Soölogie

(*e*) *Ander aanstellings en onderskeidings:*

Mnr Piet van Niekerk	– Redakteur *Landbouweekblad*
Prof. Miriam P. de Vos	– Havengaprys vir Biologie
Prof. Dirk J. Kotzé	– Stalsprys vir Geskiedenis
Mnr Leon Strydom	– Eugène Maraisprys vir Letterkunde
Mnr Hennie Smit	– Adjunk-minister van Volkswelsyn en Pensioene en van Kleurlingsake
Prof. G. J. Stander	– Crossroads Key Award vir remediërende onderwys
Prof. R. C. Bigalke	– Erelid van die Royal Society van S.A.
Mnr Dolf Schumann	– President van die Kamer van Mynwese
Kapt. Japie Weideman	– Hoof van die S.A. Vloot se Duikbootafdeling
Mnr P. S. Meyer	– Direkteur van Onderwys in Kaapland
Dr Johan Burger	– Direkteur van die N.I.W.W.
Mnr J. J. L. (Wickus) de Kock	– Rhodesiese Minister van inligting, immigrasie en toerisme
Mnr Mof Terreblanche	– Asst.-hoofbestuurder, Bank van Johannesburg
Dr D. J. C. Geldenhuys	– Hoofsekr. van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns
Dr M. S. Louw (eertydse Raadslid van U.S.)	– Erelid van die Fakt. van Aktuarisse van Skotland
Ds Charles Hopkins	– Hoofargivaris van die N.G.-Kerk
Prof. Mattie Jooste	– Erelidmaatskap van die S.A. Vereniging vir Dieetkunde en Huishoudkunde
Mnr D. P. Ackermann	– Sekretaris van Bosbou
Mnr D. V. Benade	– Pres. van die Gefed. Kamers van Nywerhede

Die vergadering verdaag om 8.20 nm.

alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.

TRIO-RAND

TRIO-RAND · S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
SCOTT PUBLICATIONS, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
BRANDWAG PERS, MASKEW MILLER,
PLASTICWRAP